

**ryskluitjie:** stukkie rysdeeg in melk gekook; blb. nie onder dié ben. in Ndl. bek. nie, v. **kluitjie I**.

**rysmier:** eint. nie 'n "mier" nie maar 'n "termiet" (*spp. Termes*, fam. *Termitidae*); die ben. *rys* vind sy verkl. i. d. feit dat d. Hottentotte en Boesmans miere/termiete geëet het en dat d. Blankes toe v. *hottentotsrys* (by Wik) en v. *boesmansrys* (blb. na 1800) gepraat het, gevolglik ook v. *rysmier(e)* — *rysmier* word nou ook as ww. gebr. in bet. "ondergrawe, ondermyn, saboteer", omdat termiete dit gew. in huise, skure, ens., doen; v. **termiet**.

+ **rystebry:** (dial. v.) *melkkos*, ook bek. as *melksop*; Ndl. *rijste(n)brij* (ouer ook *rijzenbrij*, nog in SNdl. *rijzenbrij*, by vRieb *reystenbrij*).

**rywiël:** het *baiesukkel* (volkset. v. Eng. *bicycle*) en daarna *ysterperd* verdring, om nou self deur *fiets* bedreig te word.

## S

**sa:** uitr. t. aanhitsing (veral v. honde, vroeër ook v. mense), vb. uit Kaapse Stukke by Frank TB 113-4 en uit Thun en IVa by Scho TWK/NR 7, 2, p. 21; Ndl. (sedert) end 16e eeu) *sa/tsa/t'za* uit Fr. *ça* — is Xh. *tsa* aan Afr. ontl.?

**saad:** — *saat* — , mv. ondersk. *sade*, *sate*, "plantontkiemingstof; nageslag; lewensbron v. mens, dier en plant"; Ndl. *zaad* (Mnl. *saet*, by Kil *saed*), Hd. *saat*, Eng. *seed*, hou verb. m. **saai III** en m. Lat. *sēmen*, "saad".

**saag:** getande snywerktuig; Ndl. *zaag* (Mnl. *sāghe*), Hd. *säge*, Eng. *saw*, hou verb. m. Lat. *secāre*, "sny", hierby ww. Ndl. *zagen* (Mnl. *sāghen*), Hd. *sāgen*, Eng. *saw*, Afr. *saag/sae*.

**saai I:** s.nw., bep. wolstof; Ndl. *saai* (Mnl. *sai*) uit Fr. *saye* (dim. *sayette*, wu. Ndl. *sayet(te)/sajet*), wat blb. verb. hou met Fr. *saie* uit Lat. *sagum*, "mantel", ong. "mantelstof".

**saai II:** b.nw., eentonig, vervelend; fig. toep. v. **saai I**, wsk. in byv. vorm, Ndl. *saai(en)*.

**saai III:** ww., saad i. d. grond strooi; Ndl. *zaaien* (Mnl. *sa(e)yen*), Hd. *sāen*, Eng. *sow*, hou verb. m. Lat. *serere*, "saai"; v. **saad**.

**saak:** aangeleentheid, gebeurtenis; regsak; handelonderneming; Ndl. *zaak* (Mnl. *sāke*), Hd. *sache*, Eng. *sake*; hoof. Germ.

**saal I:** mv. *sale*, groot vertrek, hal; Ndl. *zaal* (Mnl. *sael/sale/sele*), Hd. *saal*, Oeng. *saell/salor/sele* (uit Germ. vorme It. *sala* en Fr. *salle*, wu. weer Ndl./Afr. *salon*, Eng. *saloon*), hoof. Germ.

**saal II:** mv. *saals*, leersetel op rydier, fiets, ens.; Ndl. *zadel* (Mnl. *sadel*), Hd. *sattel*, Eng. *saddle*, hou verb. m. *sit* en *setel* en wsk. m. Lat. *sella*, "stoel", Gr. (*h*)*jella*, "setel", en m. Lat. *sedēre*, "sit".

**saans:** — (veroud.) *sawen(d)s* —, in die aand; Ndl. *des* —/’s *avonds* (v. **aand**, vgl. ook *smiddags*, *smôrens*, *snags*, *soggens*).

**saat v. saad.**

+ **sabander I:** Oosterse hawemeester, doeanebeampte, amptenaar; wsk. via Ind.-Ndl. of Ind.-Eng. *shabander/shabunder* uit Port. *xabander* uit Pers. *shabandar* (Val 1726 gee ’n lys v. sodanige Ndl. beamptes van 1641–1725).

**sabander II:** laat vat, trap, vlug; weghardloop; by Bantoespr. v. versk. herk. word soms gehoor *s(j)aban(n)er*, wsk. d. produk v. hulle poging om Afr. (*laat*) *spaander* uit te spreek, en hierdie leenw. in Bant. word soms d. blankes terugontln. i. d. vorm *sabander*. Die beswaar teen Bosh (VT 207) se sg. "volkset." verkl. berus op misverstand (by 1Ro J OAS 154 en Frank TB 137–8); daar was nòg by d. Bantoe nòg by d. blankes ooit sprake v. "volkset.", wel v. adaptasie by die Bantoe en herontln. by d. blankes (vgl. *mamparra* as dit verb. hou m. **baar VI**), v. verder **spaander II**.

**sae v. saag.**

**saf:** nie-omruilbare ww. op weg na doeb. v. **sag**, "nie-hard, pap, week"; berus op Mnl. en dial. Ndl. *sa(e)fte*, m. verlies v. WGerm. *m/n* voor *f* (vgl. Hd. *sanft* en Eng. *soft*), terwyl *sag* berus op Ndl. *zacht* (Mnl. *sa(e)chte*) m. Ndl. oorg. v. *ft* tot *cht*; verw. hoërop onseker.

**safari:** jagtog; wsk. via Eng. *safari* uit Swah. uit Arab. ww. *safar*, "reis".

**saffraan:** spesery en kleurstof v. krokuss., pln. (*Crocus sativus*, fam. *Iridaceae*); Ndl. *saffraan* (Mnl. *saffraen*), soos Hd. *safran* en Eng. *saffron*, via Fr. *safran* (vgl. It. *zafferano*) uit Arab. *za'farān*; in S.A. toeg. op versk. booms., o.a. *baster-/bergsaffraan* en *saffraanhout*, op een na (nl. *Scolopia mundtii*, fam. *Flacourtiaceae*) almal tuis by fam. *Celastraceae* (v. Mar 72, 116–7 en Scho PD 42 — lees daar *Elaeodendron* i.p.v. *Elalodendron*).

**sag v. saf.**

**sage:** legendariese verhaal; Ndl. (18e eeu) *sage* uit Hd. *sage* (Mnl. *saghe*, "gerug, (enige) verhaal"), Ohd. en On. *saga*, "mondeling

oorgelewerde verhaal”, hou verb. m. Ndl. *zeggen*, Hd. *sagen*, Eng. *say*, Afr. *sê* en verderop m. Lat. imp. (*in*)*seque*, “sê, noem, vertel”; *saga* (On.) en *sage* eint. doeb., lg. minder beperk as in On.

**saggarien v. sakkarien.**

**sago:** voedingstof uit palms., pln. (*Sagus rumphii*, fam. *Palmaceae*); Ndl. *sago* (ouer *sagoe/sagou*, sedert 17e eeu), soos Eng. en Hd. *sago*, Sp. en Port. *sagu*, Fr. *sagou*, uit Mal. *sagoe*.

**sajet v. saai I.**

**sak I:** s.nw., tas of houer om iets in te dra of te vervoer, houer in 'n kledingstuk; Ndl. *zak* (Mnl. *sac/sack*), Hd. *sack*, Eng. *sack*, Got. *sakkus*, ontl. aan Lat. *saccus* uit Gr. *sakkos* uit Hebr. *sag*, “sak”; i.s. verbg. *met sak en pak* of *met pak en sak* v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 22.

**sak II:** daal; druip (bv. in eksamen); Ndl. *zakken* (nog nie by Kil nie), reeds by Marnix as oorg. ww. in bet. “laat sink”, het wsk. al vroeër bestaan en daaruit Eng. *sag* (15e eeu), hou mntl. verb. m. **sak I**.

**sak III:** in verbg.: *die sak gee/kry*, “ontslag” (v. werknemer); “afsê” (v. verloofde of vryer); hoef nie uit Eng. *to get/give the sack* te kom nie, want sedert Mnl. in Ndl. en dial., ook Eng. en Fr. *donner a quelqu' un son sac*, maar oor herk. en verkl. nog meningsverskille (v. WNT IV 1923 s.v. *geven* en Stoe NS).

**sakaboela:** (dial. v.) kaffervink, langstertvink (*Coliopasser/Chera procne*, fam. *Fringillidae*); Ngu. *i-sakabuli/i-sakabula*.

**sakkarien:** — *saggarien* — , soetstof, kunssuiker; Ndl. *saccharine*, Eng. *saccharine*, via Ll. *saccharum* uit Gr. *sakχaron* (wsk. v. Oosterse herk.), hou mntl. verb. m. *suiker*.

**sakkerloot:** (ged. boekw.), bastvl.; Ndl. *sakkerloot* (17e eeu), later ook *sapperloot*, Hd. *sacker-/sapperlot*, uit Fr. *sacrelote/saprelotte/saperlotte*, in verb. gebring m. *sacre (nom de) Dieu* (v. dVri J NEW).

**salaam:** Oosterse (o.a. ook Kuaps-Mal., v. Frank TB 118 *slam/salamat*) seremoniële begroeting, eint. Arab. *as-salam 'alaik*, “vrede sy met jou”, hieruit Sp. *zalema*, “diep buiging”, *zalamelé*, “oordrewe hoflikheid”, Fr. *salamalec*, Port. *salá*, Eng. *salaam*.

**salamander:** — *salmander* — , ged. fiktiewe, ged. werklike reptiel (bv. klipsalamander) v. d. fam. *Salamandridae*, in Afr. tans toeg. op spp. *Agama*, fam. *Agamidae*; Ndl. *sala-/sal(e)mander*, Hd. en

Eng. *salamander*, Fr. *salamandre*, Gr./Lat. *salamandra*, “fiktiewe reptiel wat kwansuis in vuur kon leef” — herk. v. beide lede v. ss. onseker.

+ **salempoeris**: “doeke of klede uit Voor-Indië, genoem na die stad Salemporis of Serampore, ten suide van Kalkutta” (v. RPR II 348, III 473, en IV ook *zalempouris* geskryf); kom al by vLin voor as *sarampuras*, by vRieb etlike male as *salmpouris/salmpourus*, in die 17e eeu o.a. as *salampores* — Ind. herk. lewer moeilikhede op: sommige lei af van stadsn. sonder meer, ander wys op mntl. verb. m. Tel. *sale*, “wewer”, en *poer* uit Skt. *pura*, “stad” (laaste lid v. talle Oosterse stadsn.), maar Salampur (stad i. d. distrik Nellore) was maar een v. meer uitvoerplekke, o.a. Palam-/Palanpur en dan ook *palempores*, blyb. destydse handelsn. na gelang v. plekke v. uitvoer en belange v. handelsgroepe (v. Hob-Job s.v. *palempore* en *salempoory*).

**salie**: plant en kruie v. *spp. Salvia* (veral *Salvia officinalis*, fam. *Labiatae*); Ndl. *salie* (Mnl. *saelie*, by Kil *sa(e)lgie* en later dial. ww.), Hd. *salbei*, Eng. *sage* en *salvia* uit Ofr. *salge* (Fr. *saugé*) uit Lat. *salvia*, “heelkruid” (vgl. Lat. *salus*, *salvere*, *salvus*, wat almal verb. hou m. begrip “gesond”), in S.A. toeg. op versk. soorte v. d. fam. *Labiatae* (Mar 72, 128), asook op sg. *witsalie* (*Nuxia congesta*, fam. *Loganiaceae*, Mar 72, 124); v. ook **salvo**.

**saliehout**: pln. (*Buddleia salviifolia*, fam. *Loganiaceae*, vgl. *witsalie* s.v. **salie**), ben. n.a.v. ooreenkoms m. blare v. gew. salie (so by Mar 72, 124 en ook by Scho PD 89), ook toeg. op *Tarchonanthus camphoratus*, fam. *Compositae*, ook bek. as *sieriehout*, Mar 72, 133).

**salmander** v. **salamander**.

**salmiak**: genees- en wasmiddel; Ndl. *salmiak* (na Kil), soos Hd. *salmiak* (naas *salmoniak*) en Fr. (reeds Ofr.) *salmiac*, redukv. v. *salammoniak* (Lat. *sal*, “sout”, *ammoniacum*, Gr. *ammoniakon*, byv. afl. v. Gr. naam Ammon v. d. Eg. god Amun, eint. “sout v. Ammon”).

**salon** v. **saal I**.

**salot**: uies. (*Allium ascalonicum*, fam. *Liliaceae*); Ndl. (na Kil) *sjalot* (vroecr ook *chalot*), Eng. *shal(I)ot*, Hd. *schalotte*, Fr. *échalotte* (Ofr. *eschaloigne* uit Ll. *caepa*, “wortel”, *ascalonia*, “van Askalon in Palestina”).

**salvo**: gelyktydig afskiet v. gewere (vroecr t. begroeting, later ook by ander geleenthede); Ndl. *salvo*, Fr. *salve* uit It. imp. *salva* (v. ww. *salvare*, “beskerm”); by vRieb o.a. nog “gesond, veilig” (“wel en salvo ten anker kwamen”); v. ook **salie**.

**samajoa v. sammejoa.**

**sambal:** toespys (veral met surigheid, bv. kweper) by vleis, mntl. al in 18e eeu d. Mal. koks in S.A. in gebr. gebring (vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 22 m. aanh. uit Lic); Ndl. *sambal*, Ind.-Eng. *sambel/semball*, uit Mal. *sambal*, “toespys by rys”.

**sambalbroek:** wye broek, ss. met *sambal* (q.v.); uit tekeninge blyk dat d. Mal. bediendes i. d. 17e–18e eeu wye kort broeke gedra het, dan wsk. skertsend na d. Mal. sambalmakers genoem, blb. nie in Ndl. bek. nie.

**samblijf:** meestal in taal v. nie-blankes vir **seblief** (q.v.).

**sambok:** uit dik vel (renostervel, ens.) gesnyde sweep; Ndl. (17e eeu) *s(j)ambok* (ouer ook *tsjambok/chambok*), Eng. (mntl. via Afr.) *sjambok*, uit Mal. *tjambok* of uit Jav. *sambok*, uit Pers. en Ur. *chābuk*, “(hors)sweep”; 18e-eeuse ww. (tans veroud. of onbek.) *smok* by Scho TWK, 14, 1, p. 32, sedert 1e helfte 17e eeu al in Ndl. geskifte (Bosh VT 213 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 22–3).

**sambokbos:** pln. (*Senecio junceus*, fam. *Compositae*, Mar 74, 132), ben. blb. n.a.v. lang, sagte blaarlose lote, soos biesies (*junceus*).

**sambokkie v. asgaaiwortel.**

**sambraal v. ambraal.**

**sambreel:** son- en reënskerm, het Ndl. *paraplu* en *parasol* selfs uit enkele Afr. wdb. verdring; in Ind.-Ndl. *sombreel*, vlg. Scho TWK/NR 7, 2, p. 23 d. oudste dokg. in vorm *sambreel* by Stav, uit Mal.-Port. *soembreloe* uit Port. *sombreiro* (al i. d. 16e eeu i. d. Ooste gebr.) — Eng. (1609) *umbrella* is ontl. aan It. *ombrella* (uit *ombra* uit Lat. *umbra*, “skaduwee”).

**sambreelblom v. tanteletant.**

**sambreelboom v. kiepersol, nôiensboom, waaiboom.**

+ **sambrero:** breërandhoed; Port. *sombreiro*, v. verder **sambreel**.

**sammajoor:** i. d. taal v. militêre redukv. v. *sersant-majoor*.

+ **sammejoa:** — (minder gew.) *samajoa* —, “dit maak g'n saak nie”; Mal. *sama djoega*, “dit kom nie daarop aan nie”.

**samoem:** (hoofs. boekw.), verstikkende sandstorm wat periodiek oor woestyne v. Afrika en Asië waai; Ndl. *samoem*, Hd. *samum*, Eng. *simoom/simoon*, Fr. *simoun*, uit Arab. *semūm/sāmum* (subst. *sim*, “gif”, ww. *samm*, “vergiftig”).

**samoerai:** (hoofs. boekw.), (vroeeër) lid v. Jap. militêre kaste, (later) Jap. offisier; Ndl. *samoerai*, Eng. *samurai*, uit Jap. *samurai* (ekv. en mv.).

**samowar:** (hoofs. boekw.) Rus. teepot; Ndl. *samova(a)r/samowa(a)r*, Eng. *samovar*, Hd. *samowar*, Fr. *samovar*, uit Rus. *samo-*, “self”, *variti*, “kook”, d.w.s. “selfkoker”.

**sampaing** v. **sjampanje**.

+ **sampan:** kusbootjie; Ndl. *sampan*, ouer *sjampan/ch(i)ampan*, by vRieb o. a. *chiampan/champion/champantjes*, Eng. *sampan*, uit Sji. *san-pan* (*san*, “drie”, *pan*, “plank”).

**sampanjie** v. **sjampanje**.

+ **sampiet:** Oosterse blaasroer (m. gifpyle); Ndl. *soempitan*, Eng. *sumpitan*, uit Mal. *soempit(an)*, “(skiet met) blaaspyp” (*soempit/ sempit*, “nou, eng”).

**sampioen:** (veral eetbare) paddastoel (*Agaricus/Psalliota campestris*, fam. *Fungi*); Ndl. *champignon/champinjon*, Eng. en Fr. *champignon*, hou verb. m. Lat. *campus*, “veld” (Fr. *champ*, eint. “wat i. d. veld groei”), v. ook Scho PD 40–1.

**sandhaver** v. **marramgras**.

**sandhi:** taaltegn. term vir die “klankwysiging” wat ’n wd. anl. of ausl. kan ondergaan na gelang v. ’n voorafgaande of volgende wd.; min of meer intern., uit Skt. *samdhi*, “sameplasing” (*sam*, “saam”, *dadhati*, “hy plaas”).

**sandkalossie** v. **viooltjie**.

**sankoord:** — *sankoor* — , by Gil 224, 230 ondersk. *sanchord* en *sancord*, visn. (*Sebastes maculatus*), v. ook Frank TB 142, No. 17, blb. fam. *Scorpaenidae*, vlgs. Web s.v. *sancord* is dit *Helicolenus maculatus*, maar sonder verkl. v. d. ben. *sancord*.

**sanna** v. **ousanna**.

+ **santepetiek:** hele spul -- *santekraam*; Ndl. *santenboetiek* (uit *sant*, “heilige”, uit Lat. *sanctus*, “heilig”, en NNdl. *petiek* — SNdl. *boetiek*, uit Fr. *boutique*, “winkel”), 2e lid hou verb. m. Lat. *apotheca*, Gr. *apothékê*, “bêreplek”, wu. It. *bottega*, Port. en Sp. *bodega*, “herberg, kroeg.”

+ **santip:** vitterige mens (veral vrou); geitjie; hou verb. m. Xanthippê, die moeilike vrou v. Sokrates; v. ook **xantippe**.

**sap:** (leuens)vog in plante, vrugte, ens., soms ook *sop*, soos vroeër in Ndl. en Ndl. dial., vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 27 en Kloe HGA 206; Ndl. *sap* (Mnl. *sap*), Hd. *saft*, Eng. *sap*, misk. verb. m. Lat. *sapa*, “mos, sap”.

**Sap:** lettn. v. lid v. die voormalige Suid-Afrikaanse Party; vgl. **Nat.**

**sapperloot v. sakkerloot.**

**sapree:** pln. (d. Eur. soorte is o.a. *spp. Cupressus*, fam. *Coniferae*, d. S.A. *spp. Widdringtonia*, fam. *Pinaceae*), eint. doeb. v. *sipres* waarvan slot-*s* misk. as mv. opgevat is en 'n ekv. geabstr. is of anders 'n ou dial. vorm (Eng. het bv. veroud. vorme *cypre/cipre*); Ndl. *cypres/cipres* (Mnl. *cypres(se)* en dial. wv.), Eng. *cypress* via Ofr. *ciprès* (Fr. *cyprés*) uit Ll. *cypressus* uit Lat. *cyparissus*, Gr. *kuparissos*; sommige etim. aanvaar en ander verwerp verb. m. naam v. eiland Cyprus.

**sarani:** (dial. v.) Christen-Maleier; in Ind.-Ndl. eers op Port. Christene v. gemengde bloed en later op minderwaardige Eurasië toe. i. d. vorm *serani* uit *Nasrani*, “(die) Nasarener”.

**sardien:** gew. dim. *sardientjie*, visn. (*spp. Clupea*, fam. *Clupeidae*, ook *Gilchristella aestuarius*, verder as ben. v. d. jong vissies v. *Sardinia pilchardus* e.a., almal fam. *Clupeidae*); in Ndl. word *sardine*, dim. *sardientje*, soms nog as wv. v. *sardijn* (v. *sardyn*) gebr. en ook in Afr. is d. populêre en d. wetensk. nomenklatuur enigsins verwarrend, Eng. *sardine* uit Fr. *sardine* uit It. en Lat. *sardina* na d. naam v. d. eiland, Sardinië, tensy dit verb. hou m. Gr. *sardê*, ben. v. 'n ooreenkomstige vis; v. ook **assois**.

**sardyn:** visn. (fam. v. d. **sardien** (q.v.), in Ndl. *sprot* en in Eng. *sprat* genoem, bv. *Clupea sprattus* of *Sarda pisciculus*); Ndl. *sardijn*, ook bek. as *schardijn*, wsk. m. byg. aan *schar(de)/scharre* (*Pleuronectes limanda*, fam. *Pleuronectidae*).

**sarong:** (hoofs. boekw.) Oosterse (veral) vr. kledingstuk; Ndl. en Eng. (19e eeu) *sarong* uit Jav.-Mal. *saroeng* (uit verbg. (*kain*, “doek, kleed”) + *saroeng*, “(om)hulsel”).

**sarsaparilla:** geneesk. ekstrak uit wortel v. *Smilax officinalis*, fam. *Smilacaceae* wat by *Liliaceae* hoort — ook ander struik word *sarsaparilla* genoem; Ndl. *sarsaparille/sassaparille* (via Sp. *zarzaparilla*) of *salsaparille* (via Fr. *salsepareille*), Eng. *sarsaparilla* (Sp. *zarza*, “bossie, struik”, *parilla*, dim. v. *parra*, “wingerdstok/rankplant” — d. bessieagtige vrug toon ooreenkoms m. druiwekorrels).

**sarsie:** salvo (gewecrskote); Ndl. *charge* (by vRieb *chargie*), Eng. *charge*, uit Fr. *charge*, “aanval”.

**sassabie v. tsessebe.**

**satan:** — *satanas/satang* — , duiwel; Ndl., Hd. en Fr. *satan*, Eng. *satan/satanas* (veroud.) via Ll. oor Gr. uit Hebr. *sātān*, “duiwel; teëstander”.

**satelliet:** hemelliggaam wat om 'n ander (veral 'n planeet) draai; pers. of staat wat 'n ander volg; Ndl. *satelliet*, Eng. (16e-17e eeu) *satellite*, via. Fr. *satellite* uit Lat. *satelles*, “bediende, begeleier, volgeling”.

**satemtale v. centumtale.**

**sater:** halfgod (bv. man m. bokspote) in d. Gr./Romeinse mitologie; Ndl. en Hd. *sater/satyr*, Eng. *satyr*, Fr. *sature*, uit Lat. *satyrus*, Gr. *saturos*, hou mntl. verb. m. **satire**.

**satire:** hekel-/spotskrif; Ndl., Hd. en Eng. *satire* via Fr. *satire* uit Lat. *satira*, ww. v. *satura*, “mengeldig”, misk. verb. m. *satyrus*, “vol, versadig”, en ook m. *satyrus* (v. **sater**).

+ **satraap:** (hoofs. boekw.), (vroeeër) admin. of goew. v. Pers. provinsie; Ndl. *satraap*, Eng. *satrap*, Fr. *satrape*, via Lat. *satrapa/satrapes* of Gr. *satrapês*, uit Opers. *xsjathrapāvan-*, “landsbeskermer” (*xsjathra-*, “land”, *pa*, “beskerm”).

**savojekool:** krulblaarkool (*Brassica sabauda*, fam. *Cruciferae*); Ndl. *savoyekool*, wsk. via Hd. *savoyerkohl* na d. vb. v. Fr. *chou de Savoye* (na d. naam v. d. gebied, vgl. d. wetensk. ben. *sabauda* met *Sapaudia*, d. ou naam v. Savoje).

+ **sawels:** uitr. v. verbasing; Scho TWK 14, 1, p. 31 gee vb. v. gebr. in 19e eeu, verwys na PW en lei af v. *sabels*.

+ **scudo:** vroeër It. geldeenheid; Ndl. en Eng. *scudo*, Fr. *écu* (ouer *escu*), uit Port. en Sp. *escudo*, eint. “silwermuntstuk met 'n skild daarop”, hou verb. m. Lat. *scutum*, “skild”, vgl. ook **escudo**.

**se:** verswakte bes./adj. vorm teenoor subst. vorm v. d. vnw. **s'n/syne** (q.v.), v. verder ook Kem WFA 479.

**sê:** — *seg* — , praat, verklaar, vertel; Ndl. *zeggen* (Mnl. *segghen/sāghen*), Hd. *sagen*, Eng. *say*, hou verb. m. **sage** (q.v.) en dan hoërop m. Lat. *inseque*, “sê, vertel” of dit ook verb. hou m. *sien* en Lat. *sequor*, “volg”, nog nie bevredigend beantw. nie; v. ook **sek**, **verseg** (nooit *versê* nie).

**seal v. sical.**

**seblief:** — (minder besk.) *sambliëf* — , redukv. v. **asseblief** (q.v.).

**sebra:** diern. (*Equus/Hippotigris zebra*, fam. *Equidae*), vroeër ook bek. as *wilde-esel* en *gestreepte esel*, nog bek. as *streepesel* (vgl. Scho PD 44), soms ook *wildeperd* (maar later meer toeg. op d. kwagga); Ndl. *zebra* (ruim 'n eeu voor Kol P, Stav, Spar en lVa by Saeg VI 9 gedok.), Eng. (sedert ± 1600) *zebra* en Fr. (16e–17e eeu) *zèbre*, steeds as inboorlingw. uit Kongo (soms Angola) beskou — Web. se It. en Sp. *cebra* (Osp. *zebra/zebro/enzebro* uit veronderstelde Ll. *eciferus* uit Lat. *equiferus*, uit Lat. *equus*, “perd”, *ferus*, “wild”) lewer hist. besware op; ook visn. v. *spp. Diplodus*, fam. *Sparidae*, o.a. bek. as *wildeperd*.

**sedan:** (vroeër) tipe draagstoel; (later) tipe motor m. soliede kap; herk. onbek. (Eng. (17e eeu) *sedan*, Fr. alleen in bet. “laken uit Sedan”).

**seder:** pln. (*spp. Cedrus*, fam. *Coniferae*, d. S.A. soort meer sipresagtig, bv. *Widringtonia juniperoides*, fam. *Pinaceae*); Ndl. *ceder* (Mnl. *ceder*), Eng. *cedar*, via Fr. *cèdre* uit Lat. *cedrus*, Gr. *kedros*, hou wsk. verb. m. Skt. *kadru*, “geelbruin”.

**sedert:** bw., voegw. en voors.; Ndl. *sedert* (Mnl. *seder(t)/sider*, vgl. ook Ndl. *sinds*, Eng. *since*, Hd. *seit*), komp. by Got. *seithus*, “laat”, hou mntl. verb. m. Lat. *serus*, “laat”, en *setius*, “minder”; v. ook *sinds*.

**see:** oseaan; Ndl. *zee* (Mnl. *see*), Hd. *see*, Eng. *sea*, Got. *saiws*, “meer; moeras”; hoof. Germ., Idg. verw. onseker.

**seë:** — *sege* ---, oorwinning; Ndl. *zege* (Mnl. *sēghe*), Hd. *sieg*, Got. *sigis*, “oorwinning”, hou misk. verb. m. Gr. *εχθ*, “ek het” en *ισχθ*, “ek hou”, en m. Skt. *sahas*, “geweld, mag, oorwinning”.

**seebaars:** visn. (*Promicrops lanceolatus*, fam. *Serranidae*), ook bek. as *gestreepte seebaars*.

**seebamboes:** pln. (*Ecklonia buccinalis*, fam. *Algae*), v. ook *trombas* en Scho PD 5–6.

**seebassie:** visn. (*Pagellus mormyrus*, fam. *Sparidae*), ook bek. as *bontrok* en *seewurm*, soms toeg. op d. *wildeperd* (v. **sebra**), maar nie te verwar m. **seebaars** (q.v.) nie, want d. seebassie is nie 'n baars nie dog 'n brasem, 2e lid *bassie* sal dan wel verb. hou m. *brassie* (vgl. *steenbras*) en nie m. *baarsie* nie.

**seeboontjie:** pln. (*Entada scandens*, fam. *Leguminosae*), ben. n.a.v. wegvoer v. groot drywende sate d. die see; vgl. ook Scho PD 87.

**seehond:** by vWiel 127 = **rob** (q.v.).

**seekgat** v. **seekoegat**.

**seekoegat:** — *seekoeigat*/(dial.) *seekgat* — , watergat in spruite en riviere waarin seekoeie hou of kon gehou het; in Mnl. is *seecoe*, soos Eng. *sea-cow* en Fr. *vache marine*, “n soort rob” (*Vacca marina*), later toeg. op *spp. Manatus* en nog later op wat in Ndl. *nijlpaard* (*Hippopotamus amphibius*) genoem word, by vRieb gew. *zeekoe*, ’n vorm in Afr. nog in hierdie ss. en o.a. in *koevoet* be=hou, origens gew. *koei* (uit d. mv.); v. ook Hd. *seekuh* (Eng. *dugong* en *manatee/manati*); vgl. Scho PD 14 en TWK/NR 7, 2, p. 23.

**seekraal:** pln. (*Salicornia natalensis*, fam. *Chenopodiaceae*), ben. n.a.v. kraalvormige knoppies aan blaarlose kusplant (vgl. Mar 91 en Scho PD 40–1).

**seel:** bewysstuk (in ss. soos *doopseel*); Ndl. *cedel/ceël* (Mnl. *cēdel(e)/cēdule/c(h)eel*), Hd. *zettel*, via Fr. *cédule* uit Lat. *schedula* (dim. v. *scheda*, Gr. *σῆδε*, “blad/strook papier”, ww. *σῆζειν*, “splits”), v. ook **sielverkoper** en Eng. *schedule*.

**seël:** afdruk v. stempel, stempel (in ss. soos *posseël*); Ndl. *zegel* (Mnl. *seghele*), Hd. *siegel*, Eng. *seal*, Fr. *sceau*, uit Lat. *sigillum* (dim. v. *signum*, “afdruk, beeld, teken”).

**seeleu:** diern. (*spp. Zalophus*); Ndl. *zeeleeuw*, Eng. *sea lion*, blb. verw. aan maar te ondersk. v. d. **rob** (q.v.), hoewel ons by vRieb lees v. “zeeleeuwen off robben” (29.5.1656); v. ook + **hercas**.

**seems(ler):** (oorspr.) leer uit d. vel v. d. gemsbok (nie d. S.A. *Oryx gazella* nie, maar d. Eur. *Rupricarpa rupricarpa*); Ndl. *zeemle(d)er* (Mnl. *seems(c) + leder*), Hd. *sämisches(leder)*, soos Eng. *chamois (leather)/chammy/shamoy*, uit Fr. *chamois* uit Ll. *camox*, “gemsbok”, hou verb. m. Ndl./Afr. *gems(bok)*, Hd. *gemse*.

**seën I:** mv. *seëns*, “visnet”; Ndl. *zegen* (Mnl. *sēghene/seine*), Eng. *seine*/(veroud.) *sean*, via Fr. *seine* uit Lat. *sagēna*, Gr. *sagēnē*, “visnet”.

**seën II:** mv. *seëninge*, “benediksie; geluk”; Ndl. *zegen* (Mnl. *sēghen*, wsk. uit d. ww. *sēghenen*), Hd. *segen*, It. *segno*, “teken”, uit Ll. *signum*, “kruisteken”.

**seep:** preparaat uit vetsure en bytpotas om mee te was; Ndl. *zeep* (Mnl. *sepe*), Hd. *seife*, Eng. *soap* — Lat. *sapo*, “seep”, is wsk. aan Germ. ontl.

+ **seepbas:** pln. (*Polygala myrtifolia*, fam. *Polygalaceae*), ook bek. as *langelier*, *septemberbossie*, Mar 114; v. ook **kasuur** en veral **leerbas**.

**seepbossie:** pln. (*Noltea africana*, fam. *Rhamnaceae*), ben. n.a.v. gebruik v. blare deur inboorlinge om mee te was, vgl. vWiel 26, 112 en Watt-BB 883.

**seepklip**: — *seepsteen* — , bep. gesteente, ook bek. as *steatiet*, in Eng. as *soapstone* of *steatite*, so genoem vanweë maklike bewerkbaarheid; in Ndl. *zeepsteen*.

**seeroogblom** v. **ifafa**(lelie).

**seesnoek** v. **snoek**.

**seewurm** v. **seebassië**.

+ **seffens**: aanstons, dadelik, netnou; Ndl. (reeds by Kil) *seffens*, “dadelik; terselfdertyd”, blb. nog in SNdl. in gebr., hou verb. m. Ndl. *teffens*, *tseffens*, *tsevens* en *tevens*, maar nog nie bevredigend verkl. nie.

**seg** v. **sê**.

**sege** v. **seë**.

**segment** v. **sekel**.

**seidissel**: — *suidissel* — , pln. (*Sonchus oleraceus*, fam. *Compositae*, ook *Picris echioides*); Ndl. *zui-/zeugdistel* (tLa NGW *zeu(ge)diezel*, Heuk *zui(g)-/zeuge-/zoggedistel* e.a., dus (*vark*)*sog* + **dissel/distel** (q.v.), Hd. *saudistel*, Eng. *sow-thistle*; na bewering is varke lief v. dié plant; v. **sog**, **swyn**.

**seijy**: — *sejy/siejy* — , uitr. om (veral) honde weg te jaag; sametr. v. *sal jy* (weggaan), uitgespr. *sel/sil-jy*; v. Kloe HGA 193.

**sein I**: s.nw. en ww., sinjaal, teken; sinjaleer, teken(s) gee, telegrafeer, ens.; Ndl. *sein* (nog nie by Kil nie), wel in 17e eeu en wsk. uit Eng. *sign* uit Fr. *signe* uit Lat. *signum*, “teken”, hou verb. m. *sinjaal*.

**sein II**: (dial. v.) met ’n visnet vang; v. **seën I**.

**sejy** v. **seijy**.

**sek**: sametr. v. *sé ek* as 2e lid v. kompo. soos *roepsek*, *voertsek*.

**sekel**: bep. tipe werktuig om graan, gras, ens., te sny; Ndl. *sikkel* (Mnl. *sick(e)le/sêkele*, dial. *sêkel/zêkel*), Hd. *sichel*, Eng. *sickle*, uit Lat. *secula*, wat verb. hou m. *secare*, “sny”, en m. *segmentum*, “afgesnyde stuk”, verw. aan **sens** (q.v.).

**sekreet**: gemakhuisie, latrine, privaat; Ndl. *secreet/sekreet* (Mnl. *secreet*) via Fr. *secret* (wu. Eng. *secret*) uit Lat. *secretum* (gesubst. adj. *secretus*), “geheim”; i.v.m. ontw. v. bet. vgl. **priewic**.

**sekretaarsvoël** v. **sekretarisvoël**.

**sekretaris:** iemand wat vir 'n pers. of liggaam as skrywer optree, in Ndl. vroeër soms *geheimschryver* genoem; Ndl. *secretaris/sekretaris*, soos Eng. *secretary*, via Fr. *secrétaire* uit Ll. *secretarius*, m. suf. *-arius* gevorm v. Lat. *secretus*, v. **sekreet**.

**sekretarisvoël:** — *sekretaarsvoël* — ; Nien OA II 274–5 (so ong. ook Scho PD 36, 57) wys op *slang(en)vre(e)ter* by Kol P, op Vosmaer se wetensk. ben. *Sagittarius* (“boogskutter m. pyle”), op Spa se verkl. dat d. Hott. dié naam daaraan gegee het en op Forster se vert. v. Thun, om dan (kort saamgevat) te betoog dat d. ben. v. d. Hott. stam en tereg as *Serpentarius* (“slangvreter”) weergegee is, terwyl *Sagittarius* “i. d. lug hang” en beide ben. tot *Secretarius* (“sekretaris m. pen agter d. oor”) gelei het. Daar is tog enkele bedenkinge, bv.: (a) Kol P se opm. geld d. lepelaar of pelikaan en konstateer: „van de inwoners (nie d. Hott. nie) slang(en)vre(e)ter genaamt”; (b) alleen Spa skryf (’n halwe eeu na Kol P) d. wd. aan d. Hott. toe, ong. dies. tyd toe Vosmaer as wetensk. ben. *Sagittarius* en o.a. Thun en IVa *secretaris* (wsk. wetensk. *Secretarius*) gebr. het en Forster eers drie kwart eeu later as Kol P kom m. *Serpentarius*, m.a.w. die prioriteit v. d. wetensk. ben. staan nie vas nie; (c) uitsluitel ontbreek oor d. rede, tyd en volgorde v. d. verbg. v. al drie ben. i. d. gebr. wetensk. nomenklatuur, nl. *Sagittarius serpentarius* en *Serpentarius secretarius* (fam. *Bubonidae*, *Strigidae* of *Tytonidae*?).

**sel I:** min of meer selfst. deel v. groter geheel (bv. v. battery, gebou, liggaam); Ndl. *cel* (Mnl. *celle*, *chelle*), soos Hd. *zelle*, Eng. *cell*, via Ofr. *celle* uit Lat. *cella*, “hokkie, kamertjie; afdeling, vertrek”.

**sel II v. sical.**

**selakant:** viss. (*sp. Coelacanthus*, fam. *Coelacanthidae*); Eng. *coelacanth*, via Ll. uit Gr. *koil-/koilo-* uit *koilos*, “hol”, en *akanthos*, “stekelplant”, *akantha*, “doring” (hier “ruggraat, werwelkolom” — die vis het ’n hol of nouliks verbeende ruggraat, v. Smi JLB 79).

**selei:** — *sjelei* — , gestolde vleissap (in teenst. m. handelsart. *jellie* uit Eng. *jelly*); via Ndl. *gelei* (by Kil *geleye*) uit Fr. *gelée* (afl. v. Fr. ww. *geler*, “bevries, stol, strem”) uit Lat. *gelatum*, “bevrore” (verl. dw. v. ww. *geläre*, “bevries”, naas s.nw. *gelu*, “koue”).

**selonskuiken v. slonskuiken.**

**selonspampoen:** vrug- en pln. (*Cucurbita pepo*, fam. *Cucurbitaceae*), hou wsk. verb. m. eien. Ceylon, vgl. **selonsroos**.

**selonsroos:** ook bek. as *oleander*, pln. (*Nerium oleander*, fam. *Apo-cynaceae*), hou verb. m. eien. Ceylon, vgl. **selonspampoen**; by Kol P *Ceylonsche roos* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 23).

**semels:** doppe v. gemaalde graan; Ndl. *zemelen* (Mnl. *sēmelen*, by Kil *semel/semelen* en ss. soos *semelgruys* en *semelmeel*, lg. o.a. in bet. “blommeel”), Hd. *semmel*, “witbroodjie”, uit Lat. *similia*, “blommeel”.

+ **semelsrol:** — *semelrol* — , m. semels gevulde peultjie onder rok gedra om dit v. d. lyf af te laat wegstaan, vgl. **busseltjie**.

**sement:** verpoeierde gesteente tot dagha (bindmiddel) by bouwerk verwerk; Ndl. *cement/ciment* (Mnl. *ciment*), Hd. *zement*, Eng. *cement*, via Fr. *cément/ciment* oor Ll. *cimentum* uit Lat. *cae=mentum* (hou verb. m. ww. *caedere*, “(stukkend) kap”, d.w.s. klippe tot gruis kap vir bindwerk).

**seneblare:** — (volkset.) *seningblare* — , blare v. *Cassia senna* (fam. *Leguminosae*); Ndl. (16e eeu) *sen(n)ebladeren*, Eng. *senna*, via Ll. *sena* uit Arab. *sanā* (reeks ww. i. ander tale by Lok).

**sening:** pees; doeb. v. *senuwee* (uitspr. *sēnewee*); Ndl. *zenuw* (Mnl. *sēnuwe/sēnewe/sēne*, dial. Ndl. *zening* by Boek ZV 1254, *zeningen/zinneweeën* by Ghijss 1178), Eng. *sinew*, Hd. *sehne*; hoof. Germ., Idg. verw. enigszins onseker v. ook Kem WFA 406.

**senna v. swartstorm.**

**sens:** bep. snywerktuig (groter as **sekel**, q.v.), naas *seis* (wsk. nog net fig.); Ndl. *zeis* (Mnl. o.a. *seisene/seine/sensene*, by Kil o.a. *sende/seyne*, by vRieb *seysens*, dial. Ndl. *zen/zende* by Boek ZV 1253–4, en *zeinze/zenze* by Kloe HGA 204–5 m. kaart), Hd. *sense*, hou verb. m. Lat. *secāre*, “sny”; v. **saag** en **sekel**.

**sensgat v. sundgat.**

**sensor:** iemand wat (veral in oorlogstyd en tydens krygswet) posberigte kontroleer; Ndl. *sensor*, Eng. (in dié bet. betr. laat) *sensor*, uit Lat. *sensor* (wu. Fr. *censeur*), “Romeinse beampte wat d. sensus opgeneem en ander openbare funk. verrig het”; hierby ook Afr. ww. *sensor* (in alg. gebr. gekom tydens Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902) òf as denom. ww. (mntl. onder Eng. invl.) òf as redukv. v. *sensoreer* (weinig gebr. en blb. nie in Ndl. nie).

**sensuur:** afkeurende oordeel (veral i.s. openbare sedes); teregwyding/veroordeling (veral i. kerklike verband); Ndl. *ensuur*, soos Eng. *censure*, via Fr. *censure* uit Lat. *ensura*, “be-/veroordeling”; hierby (minder gebr. as en eint. doeb. v. *sensor* en *sensoreer*) Afr. ww. *sensureer*, soos Eng. *censure*, via Fr. *censurer*, afl. v. Lat. *ensura* en verb. m. Lat. *ensēre*, “(be)reken; (be)oordeel”; in Ndl. *ensure(e)ren*, v. **sensor**.

**senter:** middelpunt (bv. v. sirkel); rugbyspeler tussen losskakel en vleuel; origens *sentrum*, “middelpunt (bv. v. bebouing, bewoning); Ndl. ondersk. *center* en *centrum*, soos Eng. *center/centre*, via Fr. *centre* uit Lat. *centrum*, Gr. *kentron*, albei “middelpunt”, wat verb. skyn te hou m. Gr. ww. *kentein*, “prik, steek” (soos ’n by op ’n punt waaromheen dit ringsgewyse swel) — ss. soos Ndl. *centerboor*, Afr. *senterboor*.

**senuwee** v. **sening**.

**septee:** pln. ook bek. as *ouhout* (*Cordia caffra*, fam. *Borraginaceae*); S.A. Eng. *septee*, hou misk. verb. m. Eng. *sept* uit *septa*, mv. v. Lat. *septum*, “hok, kamp, omheinde plek”, dan misk. ’n “geleerde” ontl. aan d. taal v. boomkwekers en/of plantk. — vanweë sy taaiheid word hout dikw. v. omheiningswerk gebr.; verb. m. Bant. *u-sipe* vir die *C. ovalis* (Watt-BB 1376)?

**septemberbossie** v. **seepbas**.

**septer:** staf v. hoë gesag; Ndl. *scepter/schepter/skepter* (Mnl. *sceptre/septre*), soos Eng. *sceptre*, via Fr. *sceptre* uit Lat. *sceptrum*, Gr. *skêptron*, “staf”, hou verb. m. *skag* in bet. “steel/stok v. ’n lans”.

**seraf:** engel v. ’n bep. orde; Ndl. *seraf* uit Hd. *seraf* (bv. by Luther) of uit Eng. *seraph* (bv. by Milton), maar reeds vroeër i. Mnl. as *seraphin/serafin/seraphijn* ontl. a. Hebr. mv. *seraphim* as ww. v. *seraf*, tans Ndl. *serafijn* (nie in Afr. gebr. nie) as ww. v. *seraf*, maar in Afr. *serfyn*, (outydse) “harmonium/huisorrel”, uit Ndl. *serafine(-orgel)* of uit Eng. *seraphine*.

**seran:** — *serang/serannie* — , (dial. v.) bobaas, uithaler; leier v. ’n bende; voorman (veral by Kaapse Maleiers); wsk. via Ind.-Ndl. uit Mal. *serang*, “hoogste onderoffisier aan boord”, mntl. uit Pers. *sarhang*, “kommandeur”, nie met *saranie* (q.v.) te verwar nie; *serang* is ook in Ang.-Ind. bek.

**serfyn** v. **seraf**.

**sering:** pln. (ingevoerde *spp.* *Syringa*, fam. *Oleaceae*; *wildesering* is *Burkea africana*, fam. *Leguminosae* (*Caesalpinaceae*); Ndl. *sering* (vlg. Heuk en Paq op versk. plante toeg.), Eng. *syringa* (te ondersk. v. *seringa*, *spp.* *Hevea*), hou verb. m. Gr. *surinx*, “pyp” (d. hout is vir pypstele gebr.).

**sermeinpeer:** peers. (*Pyrus communis*), blb. uit Frankryk ingevoer en verb. m. (*Saint Germain*, vgl. **paweepeerske**, **pronsaalboontjie**).

**sero:** — *zero* — , nul(punt); Ndl. *zero*, Eng. *zero*, Fr. en It. *zero*, hou verb. m. Arab. *sjifr*, “leeg, niks, nul”, en gevolglik m. Ndl. *cijfer*, Afr. *syfer*, Eng. *cipher/cypher*, Hd. *ziffer*, Fr. *chiffre*, v. **syfer** I.

**seroet I:** tipe sigaar; wsk. uit Ind.-Ndl. uit Mal. *seroetoe*, “sigaar” (vgl. Lm. *churuttu*, Tam. *curuttu/shuruttu*, “rol tabak”) tot nog toe vroegste datg. a. d. Kaap 1793 (Scho TWK/NR 7, 2, p. 23, lees by verwysing na Hob-Job 188–9 i.p.v. drukfout 118–9), in Port. *charuto*, Eng. *cheroot*, Fr. *cheroute*.

**seroet II:** mandjie; So. *se-roto* (vgl. Ngu. *isi-lulu*), “mandjie”.

**serp:** halsdoek; waardigheidsband; Ndl. *sjerp* uit Hd. *schärpe* uit Fr. *écharpe* (Ofr. *escharpe*, op sy beurt wsk. uit Germ.), verb. m. Eng. *scarf* en *scrip* mntl. maar onseker, v. Kloe HGA 25–6.

**sersant:** bep. rang v. onderoffisier; Ndl. *sergeant* (Mnl. *seriant*, by vRieb o.a. *sargeant*), Eng. *sergeant/serjeant*, Ofr. *sergent/serjant*, uit Lat. *serviens*, “dienend” (uit ww. *servire*, “dien”), hou verb. m. Eng. *servant*, v. ook **sammajoor**.

**serum:** bloedwei/-water; entstof uit bloedvloeistof v. geënte mense of diere; Ndl., Eng. e.a. tale *serum* uit Lat. *serum*, “melkwei” (wa=terige deel v. melk), hieruit afl. m. *sero-*, bv. *serologie*.

+ **serwiesewasies:** (dial. v.) beuseling, nietighede (by Mans KHI); tweede lid by *wiesiewasie* (q.v.); eerste lid eis ’n verkl. en MeyBen 54 se opm.: “Eine eigentümliche Mischbildung mit Ablaut (aus holl. *servies* und *wisewasjes*) ist *serwisewasies*, Wischiwaschi”, is nie afdoende nie.

**sesieba:** musiekinstrument (van naturelle) wat bestaan uit boog, snaar en slagpen; SSo. *se-siba*.

**sessie I:** byeenkoms, sitting (v. ’n liggaam); sittingsreg; Ndl. (17e eeu) *sessie*, soos Eng. *session*, wsk. via Fr. *session* uit Lat. *sessio*, “sitting” (verb. m. Lat. ww. *sedēre*, “sit”).

**sessie II:** afstand, oordrag; Ndl. (16e eeu) *cessie* (by Kil *cesse*), soos Eng. (17e eeu) *cession*, via Ofr. (13e eeu) *cession* uit Lat. *cessio* (verb. m. Lat. ww. *cedere*, “afstand doen”).

**sessie III:** dim. v. *ses*.

**sesuur I:** tydstip teenoor *ses uur* (tydsduur).

**sesuur II:** rus in versreël; Ndl. *caesuur/cesuur*, Eng. *caesura*, uit Lat. *caesura*, “snyding” (afl. v. Lat. ww. *caedere*, “sny”).

**seties:** bep. dans en dansmaat; Hd. *schottisch* (Malh DF TWK 1, 2, p. 123), in Ndl. *Schots(ch)e drie/wals* genoem.

**setlaar:** nedersetter; Eng. *settler*, verb. m. Afr. *set*, *setel* en *sit*.

**seun:** knaap; ml. kind; Ndl. *zoon* (Mnl. *sone/seune*, dial. Ndl. *zeun/seun*), Hd. *sohn*, Eng. *son*, Got. *sunus*, hou verb. m. Gr. (*h*)*uios*, “seun” — vroeër (veral 17e eeu) is *seun/zeun* in Ndl. gebr. as ben. vir “jong bode aan boord, handlanger v. d. paai”, v. Kloe HGA 74, 77 en (veral) 98.

**seur I:** ww., klaend lol, neul, sanik; Ndl. *zeuren* (by Kil *so(o)ren/seuren*, “sweer; pyn aandoen”), herk. onseker maar misk. verb. m. *suur*.

**seur II:** s.nw., gew. aansprv., ong. = “baas, meneer” (in mond v. Kaapse Kleurlinge, vroeër v. slawe en ook v. blankes); Ndl. (17e eeu) *sinjeur* (in Kaapse Stukke, sedert 17e eeu en veral 2e helfte 18e eeu ww. *seur/sieur/sjeur/sieigneur/senjeur/senyeur/sinjeur* (uit Fr. *sieur/seigneur*) en *sinjoor* (uit Mal.-Port., vgl. Port. *senhor*, Sp. *señor*), almal uit Lat. *senior*, “ouer”, komp. v. *senex*, “oud”, vgl. Eng. *sir* en *sire*, Ofr. *sire*), v. Frank TB o.a. 60, 74, 196 en veral 114–5, en Scho TWK/NR 7, 2, p. 23–4 — sy opm.: “nou is die woord sover my bekend heeltemal uitgesteef”, geld nie v. d. hele S.A. t.o.v. Kleurlinge en Bantoe nie.

**seuwe:** ww. v. *sewe*, ook dial. Ndl. *seuve(n)* naas Ndl. *zeven* (v. Kloe HGA 166–9 met kaart).

**sewejaartjie:** blom- en pln. (*Helichrysum vestitutum*, fam. *Compositae*); Ndl. *zevenjaarsbloem* (by Heuk v. *sp. Gnaphalium*, fam. *Compositae*), vgl. Scho PD 20.

**siebieba:** — *siebiep* — , “teëgif v. slangbyt”; Ngu. *isi-biba*, “teëgif”; v. ook *siebiep*.

**sider:** ook bek. as *appelwyn*; Ndl. (16e eeu) *cider* uit Fr. *cidre* en/of uit Eng. *cider* (in S.A. misk. uit Eng.), Hd. *cider*, It. *cidro/sidro*, Sp. *cidro*, almal hou verb. m. Ll. *sicera*, Gr. *sikera*, uit Hebr. *shēkār/sēḫar*, “st. drank uit vrugte en heuning” (ww. *sāḫar*, “jou dronk drink”).

**sidwaba:** (dial. v.) velrok (d. vroue v. Swaz. en Zu. gedra); Zu. *isi-dwaba* (Doke-Vil 176).

**sie:** — *sies* — , uitr. v. afkeer (veral t.o.v. vuil en stank); Na. het *si/tsi*, Mal. *tjih/tjis*, SInd. *chī*, wat Lok i. verb. bring m. Ang.-Ind. *cheechee* (by Hob-Job) — Cha noem *sies* sonder verkl., Mans KHI vermoed blb. Hott. herk., by dTo P *sie/sies/ties* afg. v. Mal. (57), d. Bosm (AMP 67, OOA<sup>1</sup> 76–8, OOA<sup>2</sup> 76–7) ten gunste v. Hott. herk. bestry, terwyl Bosh VT 370 en EWA liefs by uitrw. oordeel opskort, maar glo dat Hott. herk. aanneemlikste is, vgl. ook **ga I**.

+ **sial:** — *seal/sjel/sel* — , (dial. v.) gedoem; ongelukkig; spook=agtig; Mal. *sijal*, “onheilspellend” (deur Slamaiers se bygeloof ingevoer?).

**sieba:** — *siewa* (vWiel 74) — , (dial. v.) “bykos, marog, pap”; hou dit verb. m. Zu. *sheba* en SSo. *shaba*, “’n gemengde maaltyd eet m. vleis en groente, ens., om d. beurt”? Is dit dies. as *sjieba* wat sommige sprekers min of meer so gebr.?

**siebie:** hondjie; aanrw. v. ’n hondjie; in Ndl. (Ulfers se *Oostloorn*) is *Sipie* d. naam v. Wiegen se hond en blb. ook aanrw. v. “hond”; Gron. ken *siep* as “herdershond” (tLa NGW); in Mnl. word ’n bep. hondes. genoem *sies* (blb. uit Ofr. *seus* uit Ll. *seusius/segusius*, “hond uit Susa (Lat. Segusium) in Piemont”, terwyl d. naam v. ’n stasie naby Pienaarsrivier (Tvl.) *Sibi* is en as Bant. beskou word, maar geeneen v. dié ben. bied bevredigende uitsluitel oor herk. v. d. wd. nie.

?+ **siebiep:** by vWiel 113 as pln. aan “vreemde tale ontleen”, maar sonder ident. of verkl.; na die vorm lyk dit na Hott., maar vgl. **siebieba**.

**siejy** v. **sejy**.

**sieketroos** v. **vlakdoring**.

**sieling** v. **sjieling**.

+ **sielverkoper:** (vroeër, bv. 17e eeu) soldate- en matrosewerwer deur koop en verkoop van bewysstukke; Ndl. *zielverko(o)per* na d. vb. v.Hd. *seelenverkäufer*, volkset. v. *seelverkoper* (v. *seel*, bv. as *doopseel*).

**siembamba:** leiw. i. gelykn. liedjie (variante by dTo S SAV 136–7); Albs se afl. v. Bras.-Port. is lett. en fig. te vergesog en te vernuftig om fonet., hist. en sem. oortuigend te wees; Bant. invl. (bv. Xh. *uku-bamba*, Zu. *bamba*, “vat, gryp” — Zu. *isi-bamba* is subst. “veselgordel”) was op dié gebied te laat om tot i. W.-Kaapland so alg. bek. te word, dan eerder, soos **doedoe** (q.v.), klankw. uit ou liedjie(s) of misk. seemansw. uit Port. *sim*. “ja”, en *bamba*, “dans, spring, ophang”, wat beter by uitr., vorm, bet. en inhoud v. d. liedjie sou pas, al laat dit vrae i.s. gesk. v. ontln. onbeantw.

**sieper:** (dial. v.) struiks. (*sp. Aspalathus*, fam. *Leguminosae* (*Fabaceae/Papilionatae*), blb. nie verw. aan Ndl. *cypergras* nie, maar kan as wd. wel verb. hou m. Ndl. *cyper* en verderop m. eien. *Cyperus*).

**sieps:** gew. i. verbg. *sieps-en-braaiboud*, “slae”; wsk. kn. (geluid v. lat/plak op boud wat “gebraai” word?).

**sieriehout:** ook bek. as *vaalbos* (*Tarchonanthus camphoratus*, fam. *Compositae*, ook toeg. op **saliehout** q.v.); hoewel plant wsk. nie verw. is nie, hou ben. misk. verb. m. Ndl. *sirih/siri(e)* (by vLin *siri*), Eng. *siri(h)*, uit Mal. *sireh/sirih* (*Piper betle*, fam. *Piperaceae*), ook bek. as *kanferhout*; d. plant het blb. 'n st. reuk (vlgs. sommige v. kanfer, vlgs. ander v. peper).

+ **sierlie:** (dial. v.) soort lewer(i)kie (*sp. Alauda*, fam. *Alaudidae*), ben. vlgs. IVa kn. (Scho PD 59).

**sies** v. **sie.**

**sieur** v. **seur** II.

**siewa** v. **sieba.**

**sif I:** s.nw., werktuig m. gaatjies in boom om fyner v. growwer of vaste v. nie-vaste stowwe te skei; (fig.) metode om goeie v. slegte dinge te skei; Ndl. *zeef* (Mnl. *sēve*, by Kil *sifte*, by vRieb *sift*, dial. Ndl. o.a. *zēft*), Hd. *sieb*, Eng. *sieve*, hou misk. verb. m. Gr. *ēthmos*, "sif".

**sif II:** ww., skei (soos by **sif I** verduidelik); Ndl. *ziften* (Mnl. *siften/sichten*, dial. Ndl. *sichten/zichten*, by vRieb *siften*), Hd. *sichten*, Eng. *sift* — in Ndl. ook nog ww. *zeven* na d. vb. v. Ndl. s.nw. *zeef*.

**sig I:** wat gesien (kan) word, veral in kompo. en afl. soos *gesig*, *sigbaar*, *uitsig*, *vooruitsig*; as simp. veral in verbg. soos *in* — "sigbaar" en *op* —, "ter insae"; Ndl. *zicht* (Mnl. *sicht*), Hd. *sicht*, Eng. *sight*, hou verb. m. *sien*.

**sig II:** wederk. vnw., grotendeels veroud. en hoofs. nog behou in ss. soos *sigself*; Ndl. *zich* (Mnl. (hoofs. dial.) *sich/sik*) uit Hd. *sich* (Ohd. *sih*), Got. *sik*, hou verb. m. Lat. *sē* (vgl. Gr. *seauton* = *sigself*).

**sigorei:** gebrande en gemaalde wortel v. *Cichorium intybus* (fam. *Cichoriaceae*) in koffie gebr.; Ndl. *cichorei/cikorei* (17e eeu), Eng. *chic(c)ory/chickory*, wsk. via Fr. *chicorée* uit Lat. *cichorium/cichorium*, Gr. *κίχώρα/κίχorea*, herk. hoërop onbek.

**sigzag:** skerphoekig regs en links; Nnl. *zigzag*, soos Eng. en Fr. *zig-zag*, wsk. uit Hd. *zickzack* (wat wsk. verb. hou m. *zacken*, "punt, spits"), vgl. vorme soos *tiktak*, *wirwar*, gew. kn.

+ **sikkel:** (ouer Bybelt.) Hebr. gewig/munt; Ndl. *sikkel* (Mnl. *sik(e)le*), via Lat. *siclus*, Gr. *siklos* uit Hebr. *sheqel* (ww. *shaqal*, "weeg").

+ **sikkepit**: (min gebr.) “g’n duit/flechter nie”, ens.; Ndl. *sikkepit* (*sik*, “bok”, *pit*, “drolletjie”).

**siks**: gew. in verbg. *by my siks*, “by my siel”; Hd. *bei meiner six/sechs* ( $\pm$  1700), eufem. v. *seel(e)*, “siel”, v. Kloe HGA 37.

**sikspens**: muntstuk t. waarde v. ses pennies (nou vyf sent); Eng. *sixpence* (1598), *pence* koll. mv. v. *penny*.

**silo**: pakplek v. stortgoedere (veral graan); Ndl. en Eng. (1835) *silo* via Sp. *silo* uit Lat. *sirus*, Gr. *siros*, “graanput”.

**siloeloe** v. **seroet** II.

**silt**: b.nw., souterig; Ndl. *zilt* en *ziltig* (by Kil *silte*, “pekel”, en *siltig*), v. **sult** I.

**silwer**: bep. edelmetaal; Ndl. *zilver* (Mnl. *sil-/sel-/sulver*), Hd. *silber*, Eng. *silver*, Got. *silubr*, misk. verb. m. Gr. *selas*, “glans”, mntl. herk. uit Klein-Asië; as een v. d. “elemente” (Simbool Ag).

**silwerboom**: pln. (*Leucadendron argenteum*, fam. *Proteaceae*), ook bek. as *wit(te)boom*, by Kol P “Afrikaansche Zilver-boom” (Scho PD 19).

**silwereik**: ingevoerde Austr. boom (*Grevillea robusta*, fam. *Proteaceae*); Eng. *silver oak* en *silk(y) oak* — blare van onder silwerkleurig, blomme oranjekleurig.

**silwervis**: *Dentex argyrozona/Polysteganus argyrozona*, fam. *Sparidae*, vlgs. Scho PD 19 oudste datg. by But, maar ong. dies. tyd ook by Kol P I, 248.

**sinagoge**: Joodse kerk/tempel; Ndl. *synagoge/synagoog*, Hd. *synagoge*, Eng. *synagogue*, via Ofr. *sinagoge* uit Ll. *synagoga* uit Gr. *sinagōgē* (*sun*, “saam”, *agein*, “bring”).

**sinds** v. **sedert**.

**sinjaal** v. **sein** I.

**sinjeur** v. **seur** II.

**sinjo**: ml. halfbloed (in Ooste); Ndl. *sinjo* uit Mal. *sinjo* uit Port. *senhor* (vgl. Sp. *señor*), v. **seur** II.

**sinjoor** v. **seur** II.

**sinode:** alg. periodieke kerkvergadering; Ndl. *synode*, Eng. *synod* (16e eeu), uit Ll. *synodus* uit Gr. *sunodus* (*sun*, “saam”, (*h*)*odos*, “weg”, eint. “saamlooplek v. paaie”).

**sipres** v. **sapree**.

**sir** v. **seur** II.

**sirdar:** (boekw.) leerbevelhebber; Ndl. en Ind.-Eng. *sirdar* uit Hindo./Ur. *sirdar* uit Pers. *sardār* (*sar*, “hoof”, *dār*, “besitter”).

**Slamaier**: Kaapse Maleier; (by sommige sprekers ook) Mal. goëlaar/toornaar; kontamv. v. *Slams(e)* en *Maleier*, i.s. Ndl./Afr. *ei/ai* v. **haaivlakte** en **skoppelmaai**.

**slampamper**: s.nw. en ww., bras(ser), drink(er), slemp(er); Ndl. *slampamper*, afl. v. *slampampen*, verlengv. v. *slampen/slempen* (reeds 16e eeu), Hd. *schlampampen* (naas *schlamp* en *schlemmen*, ondersk. “fuij” en “bras”, mntl. verder verb. m. Hd. *schlamm* en dial. *slampamp(e)*, “modder, vuiligheid”).

**slang**: pootlose dier, serpent; brand-/tuinspuitbuis; Ndl. *slang* (Mnl. *slanghe*), Hd. *schlange*, hou verb. m. *slinger*, “kronkel”.

**slangbessie**: bessie v. d. **slangbos** (q.v.)

**slangblom**: blom- en pln. (*Monsonia speciosa*, fam. *Geraniaceae*), motivering v. ben. nie bek. nie.

**slangbos**: pln. (*Stoebe cinera*, *Elytropappus glandulosus*, albei fam. *Compositae*), so genoem “omdat slange graag daarin hou” (Scho PD 69).

**slangbossie**: pln. (*Crassula lycopodioides*, fam. *Crassulaceae*), ook bek. as **skilpadkos** (q.v.), misk. is motivering v. albei ben. dies.; v. **veterbossie**.

**slanggif:** 1. gif v. 'n slang; 2. pln. (*Euphorbia pugniformis* (*gorgonis*), fam. *Euphorbiaceae*), d. plant is giftig (Watt-BB 402).

**slanghalsvoël:** voëln. (*Anhinga rufa*, fam. *Phalacrocoracidae*), vgl. Scho PD 42, ben. n.a.v. teken om nek.

**slanghout:** vlgs. Scho PD 33 “nie gedetermineer nie”, is dit dies. as **slanghoutjies** (q.v.)?

**slanghoutjies:** pln. (*Garuleum bipinnatum*, fam. *Compositae*), ben. n.a.v. gebr. v. wortels as teëgif v. slangbyt (Watt-BB 229).

**slangkop:** pln. v. versk. plante (*Ornithoglossum viride*, (*calcicola*), ook *spp. Urginea*, albei fam. *Liliaceae*), ben. n.a.v. giftigheid.

**slangkos:** pln. (*Amanita phalloides*, fam. *Fungi*), ook bek. as *duiwelskos*, motivering v. ben. berus misk. op volksgeloof.

**slang-ngaap v. kabietjie.**

**slangvreter v. sekretarisvoël.**

**slangwortel:** pln. (*Polygala serpentaria*, fam. *Polygalaceae*), v. Scho PD 86, 90, ben. n.a.v. gebr. v. wortel teen slanggif.

**slakop v. bobbejaansleutel.**

**sleep:** s.nw., 1. slepende deel v. 'n kleed (bv. bruidskleed); 2. gevolg; Ndl. *sleep* (Mnl. *sleep/slepe*), Hd. *schleife*, hou verb. m. ww. *sleep*, Ndl. *sl(e)pen* (Mnl. *slepen/sleipen*, kous. v. *slijpen*), Hd. *schleifen*, bib. hoofs. Germ.

**sleepsel:** 1. spoor op grond/sand nagelaat deur iets wat nie daaroor geloop het nie; 2. hoeveelheid goed(ere) wat oor bodem geskuif/getrek is; Scho TWK/NR 7, 2, p. 26 toon m. aanh. aan dat Trig dié wd. in albei bet. gebr.

**sleghalter:** niksnuts; Ndl. *halfter/halster/halter* is “in de volkstaal meestal onz.” (WNT V 1703), met d. gevolg dat 'n attr. b.nw. na die onbep. lw. nie verbuig word nie, bv. *een ledig halster* en dial. *ien leegh helter* (WNT V 1705) — *sleghalter* kan mntl. geërf wees uit nie-gedok. Ndl. of dial. Ndl. of na d. vb. v. 'n dgl. bousel gevorm wees, v. Kem WFA 180; vgl. gebr. v. *tuig* in Ndl. v. “minderwaardige pers.”.

+ **slendang:** Oosterse tjalie; wsk. via Ndl. *slendang* uit Mal. *selendang*, “tjalie”.

**sleng:** taal wat nie as beskaafde norm beskou word nie, substandaardtaal; Eng. *slang*, herk. onbek.

**slenter:** langzaam doelloos beweeg; draal; Ndl. *slenteren* (na Kil) wsk. uit Ned. *slenderen* (wu. sedert 1652 in Hd. studt. as *schlenderen*), mntl. verb. m. Kil se *slinderen*, "kruip", maar verb. m. Kil se *slinder*, "dun", en m. Eng. *slender*, "skraal", twyfelagtig.

**sleper I:** iemand of iets wat sleep, v. **sleep**.

**sleper II:** dwarslêer (by spoorweë); leenv. uit Eng. *sleeper*.

**slik:** doeb. v. *slyk*, nat aangespoelde grond, nat verpoeierde gesteente (by mynbou); Ndl. *slik/slijk* (Mnl. *slijc*), verb. m. Eng. *sleek/slick*, "glad", mntl. maar onseker; vgl. (veroud.) Eng. *slike*, *sleech*, *slitch*.

**slikskaaf:** bep. soort skaaf; by Trig *slikschaaf*; Scho TWK/NR 7, 2, p. 27 verkl. n.a.v. gebr. by Trig: "My uit geen ander bron bekend nie". Dit is wsk. 'n skaaf m. 'n *slikbeitel*, Eng. *slick* (*chisel*) waarmee die grootste ongelykhede weggeskaaf en eers verwyder word voor die hout m. 'n gew. skaaf glad geskaaf word; Eng. *slick* hou verb. m. *sleek*, "glad".

**slinks:** bedrieglik, geslepe, skelm, slu; Ndl. *slink* (Mnl. *slinc*, "linker", wu. b.nw. *slinks(ch)* en bw. *slinks*, vroeër "links", later "geslepe, slu") hou verb. m. *linker*, *links* en Eng. *slink*, "kruip, sluip", allerlei Idg. verw. voorgestel, maar onseker; by vRieb nog *slinkerhandt*.

**slip:** bep. oormerk v. skaap, by Trig *slippie*; Scho TWK/NR 7, 2, p. 27 wys daarop dat d. wd. al by Kil voorkom en in die 2e helfte v. d. 19e eeu nog i. d. oostelike dial. v. Ndl. bek. was.

**slipper:** sloffie, pantoffel; Eng. *slipper*, wsk. uit *slip* (on).

**slodderig v. slordig.**

**sloeg:** het geslaan; sg. st. vorm v. d. impf. v. d. Ndl. ww. *slaan*, skertsend i. studt. gebr.

**sloerie:** slordige vrou; Ndl. *sloerie*, verb. m. ww. *sleuren*, "langzaam voortgaan, sloer, talm", misk. ook verb. m. Eng. *slut* en *slattern*.

**sloffie:** pantoffel; afgeslete skoen; Ndl. dim. v. *slof* (Fri. *slof*, by Kil *sloef*, nog i. Vl.), Ned. *shuffe*, afl. v. ww. *sloffen*, "sleepvoet loop, traag wees".

+ **slonsie:** bliklantern sonder glase (vWiel 128); Ndl. dim. v. *slons*, "klein handlantern" (Mnl. *absconse*), Eng. *sconce* (uit Ofr. *esconse*, "lantern") uit Ll. *sconsa*, redukv. v. *absconsa* (ww. *abscondere*, "verberg, wegsteek") — afl. en wsg. *l/k* nie oortuigend nie, maar tot nog toe geen bevredigender verkl. nie.

**slonskuiken:** — *selonskuiken* (wsk. d. byg. aan *selonspampoenj* -roos) — , snuiter, jong mens; misk. het sinon. *snuiter* byg. aan **slonsie** (q.v.) gewek, terwyl Ndl./Afr. *slons* ook ken in bet. “slordige vrou”, daarby nog Kil se *slons/sluns*, “slap”, eint. “slap jong mens” (= “kuiken”).

**slopemmer:** emmer vir verwydering v. vuil water uit slaapkamer; Eng. *slop-bucket/pail*, wsk. deur d. handel in gebr. gekom.

**slordig:** — *slodderig/slorsig* — , onnet; Ndl. *slodderig/slordig/slorsig* (by Kil *sloor(d)igh*, “vuil”), ondersk. afl. v. *slod*, *slord* en *slors*, almal in bet. “(vuil) lap”, en wsk. verb. m. **sloerie** (q.v.).

**slurf:** — *slurp* — , lang snuit (veral v. olifant); Ndl. *slorf/slurf/slorp/slurp*, wsk. almal v. kn. ww. *slorfen/slorpen/slurven/slurpen* (vgl. Hd. *schlürfen*) n.a.v. roggelgeluid van diere by drink; vgl. Kloe HGA 123.

**slyk** v. **slik**.

**slymstok** v. **slymuintjie**, **geldbeursie**, **tamaraka**, **vinkeiers**.

**smalt:** bep. glaspoelier as pigment gebr.; Ndl. en Eng. *smalt*, Hd. *schmalz*, uit It. *smalto*, wat verb. hou m. Germ. *smelt* (wu. Fr. *émail*, v. **enemmel**).

**smarag:** bep. edelsteen; Ndl. *smaragd* (ouer *smarald/smerrald*, Mnl. *smaragd/miraude*), Hd. *smaragd*, Ofr. *miraude/esmeraude* (Fr. *émeraude*), It. *smeraldo*, Eng. *emerald*, uit Lat. *smaragdus*, Gr. (*s*)*maragdos*, wsk. uit Hebr. *bāreqet*; by vRieb *esmaraut(steen)/esmaraude(steen)*.

**smedig:** — *smydig* — , buigsaam, lenig, slap, soepel; Ndl. *smedig/smeu(ig)/smijdig* hou verb. m. ww. *smeden* (dus eint. “smee(d)=baar”) en m. *smid*, Eng. *smith*, asook m. *smeeth* en *smooth(e)*.

**smee-eend** v. **smie-eend**.

**smeerkanis:** smeerlap; Ndl. *smeer* (in bet. “smerig, vuil”, vgl. *smeerlap*, *vuilkanis*) en **kanis** (q.v.); vRijn 54 beweer dat kompo. *smeerkanis* ook Holl. is.

**smes:** — *smets* — , (sleng v.) breekspul, ongeluk; Eng. *smash*, “swaar slag”, wsk. kn. (vanweë geluid v. botsing), deur Fan. ontl. i. vorm *smesh*.

**smiddags:** in die middag; Ndl. (*de*)*s/s middags*, v. **saans**.

**smie-eend:** — (minder gew.) *sme-eend* — , (dial. v.) soort sg. fluiteend (*Anas erythrorhynca/Mareca penelope*, fam. *Anatidae*);

Ndl. *smient* (by Kil *smeente*), kompo. v. *smee-/smie-* (wsk. uit Ohd. *smāhi*, "klein") en *eend* (vgl. ouer Hd. *schmilente* en Eng. *smee (duck)/smew*), vlg. Scho PD 85 is Afr. vorm(e) òf volkset. uit Ndl. *smient* òf uit nie-gedok. dial. Ndl. vorm.

**smoel:** (plat v.) mond (ong. = "bek"); Ndl. *smoel*, dial. naas *smuil*, hou verb. m. *muil/moel*, "mond, bek" — anl. s- kan op versk. maniere verkl. word: (a) uit verbg. soos Mnl. *coes-mule*, "koei se bek", wat as *coe-smule* opgevat is (vgl. *mees-muil* wat as *mee-smuil* vertolk is); (b) uit verbg. soos *des moels* (vgl. Afr. *smoes* en *des moers*); (c) uit Hd. verbg. soos "(Halte da)s Maul"; (d) deur byg. aan Ndl. *smullen* — herk. voorasnog nie uit te maak nie, v. ook Kloe HGA 53.

**smoelpleen:** bep. soort skaaf; hou seker wel verb. m. Eng. *smoothing-plane*, 'n fyn klein skafie v. gladde afwerking — is dit volkset.?

+ **smoes:** gew. m. ontk. vooraf, bv. *g'n smoes* ("sin, trek") *op iets/iemand hê nie*; hou wel verb. m. Ndl./Afr. **smoel** (q.v.), vgl. Ndl. *smoel (bek) op iets hebben*, wsk. uit genv., bv. *niets/niks smoels*, (*de)s/s moels* (vgl. *saans, smiddags*, ens.), misk. byg. aan *smoesie* (q.v.); vgl. Hd. *schmausen*.

**smoesie:** praatjie, voorwendsel; Ndl. *smoes*, gew. dim. *smoesje* (nog nie by Kil nie), afg. v. Hebr. *shemū ōt* (dial. Hd. *schmut*, "vertelsel"), misk. m. byg. aan Ndl. *smoez(el)en*, "flikflooï", vgl. Hd. *schmusen*, "klets".

### smok v. sambok.

**smoor I:** buitengewoon, erg; swaar; woedend; Ndl. *smoor* (s.nw.) in bet. "woede", bv. in: *de smoor inhebben/krijgen*; (b.nw.) in bet. "erg", verk. uit *smoorlijk*, bv. Ndl. *smoorlijk verliefd* = Afr. *smoorverlief*; vir Ndl. *smoordronken* = Afr. *smoordronk*, gaan blb. almal terug op SNdl. *smoor*, "damp, mis, newel" (by Kil in bet. "damp, rook") ouer bet. wsk. ong. "iets wat verstik", v. ook **smoor II**.

**smoor II:** (ver)stik; met rook maar sonder vlam brand (bv. vuur); langzaam gaar maak/word; Ndl. *smoren*, "verstik; demp (bv. geluid); onderdruk (bv. gevoel); gaar maak/word", ens., reeds Mnl. *smōren* en Mned. *smoren* wu. Hd. *schmoren*, "op 'n bep. manier laat braai", hoof. Germ. — **smoor I** en **II** hou wel verb. m. mekaar, maar dek mekaar nie volkome nie.

**smoorpekelaar:** (dial. v.) "gesoute vis", veral "gesoute harder" — Scho TWK 14, 4, p. 193 gee vb. uit 1870 en verwys na kompo. soos *smoorkos*, *smoorvis*, *smoorvleis*; v. ook **smoor II**.

**smôrens:** — *smorens* — , in die môre/more; Ndl. (*de*)s/'s *morgens*, v. *saans*, *smiddags*, *snags*.

**smous:** s.nw. en ww., (gew.) rondreisende kleinhandelaar (soms m. sg. *penswinkel* q.v.); goedere al reisende vent/(ver)koop; Ndl. *smous* (sedert 2e helfte 17e eeu) vroeër ook *smaus*, selfs *maus*, Hd. *schmaus*, na bewering uit *Mausche(l)* uit Mōseh (ontw. ong. Moses, Jood, marskramer); hierby Ndl. ww. *smousen*, “bedrieg” (wu. Eng. 19e eeu *smouch*, “oneerlik verkry”) — heelwat etim. onsekerhede bly nog onopgelos.

**smydig** v. **smedig**.

**s'n:** subst. gebr. v. Ndl. bes. vnw. *zijn/z'n*, v. Scho TO 101–2, 106–9, hierby enkele vb. by vRieb v. *sijn* voor s.nw. as oorgv. tot subst. vorm *s'n*, nl. “haer oppersten sijn dochter”; “Hendrik Boom zijn huys”; v. ook *se*.

**snaaks:** buitengewoon, grappig, klugtig, koddig; Ndl. (b.nw.) *snaaks(ch)*, (bw.) *snaaks*, albei afg. v. (s.nw.) *snaak*, “grapmaker”, wat verb. hou m. Ndl. ww. *snaken/snakken*, “vurig verlang”, ook “babbel”, vgl. Hd. *schnake*, “grap”, Eng. *snatch*, “hap; pak”, dial. Eng. *snook*, “snuffel”.

**snaar I:** bekende; kêrel; Ndl. *snaar* (Mnl. *snaer*), “skoondogter/-moeder/-suster” (soms in ongunstige sin), dial. Ndl. ook op ml. pers. toeg., mntl. verb. m. It. *nuora*, Sp. *nuera*, Lat. *nurus*, Gr. *nuos*, “skoondogter; meisie; getroude vrou”.

**snaar II:** draad, koord; Ndl. *snaar* (Mnl. *snaer/snaer*), Eng. *snare*, “strik”, hou verb. m. Ndl./Afr. *snoer*, Hd. *schnur*, herk. hoërop onseker, selfs verb. m. Lat. *nervus*, “pees”, en Gr. *narkê*, “kramp”, staan nie vas nie.

**snags:** in die nag; Ndl. (*de*)s/'s *nachts* (by vRieb *snachts*), v. *saans*, *smiddags*, *smôrens*.

**snaps:** (dikw. dim.) *snapsie*, “drank(ie)”; Ndl. *snaps* (ook dikw. dim. *snapsje*), “borrel, drank(ie); jenever”, ontln. aan Hd. *schnaps*, dial. *snaps*, “'n slukkie/mondvol”.

**snars:** — *sners* — , na ontk. *geen/g'n*, “hoegenaamd niks”; Ndl. *snars* (dial. *sners/snirs*), “sluk, teug” (vgl. *g'n druppel nie*), hou verb. m. Ndl. kn. ww. *snarren/snerren/snorren* (geluid by slurpend drink).

**snater:** mond; tong (*hou jou —*); Ndl. *snater* (1621) hou verb. m. kn. Ndl. ww. *snateren* (Mnl. *snateren*, “babbelagtig praat; geluid soos voëls maak”).

**sneesvraggie:** klein vraggie; mengelmoes; wsk. verb. m. Ndl. *Chinees*, reeds 17e eeu ww. *Sinees/Snees*, ww. ook soortn. *snees*, “oneerlike handelaar, woekeraar” (ww. *sne(e)zen*, “woeker”, veral m. ge= steelde goed); vgl. **smous** en **penswinkel**.

**sneller:** aftrekknippe v. vuurwapen; Ndl. *sneller* uit Hd. *schneller*.

**sners** v. **snars**.

**snert:** iets minderwaardigs (veral in geskryf of gesprek); Ndl. *snert*, eint. “ertjiesop” (vgl. Afr. *twak (praat)*, Eng. *(talk) tripe*), wsk. verb. m. Ndl. kn. ww. *snerken/snerpen/snerten*, “kook; skerp geluid maak”.

**snob:** grootdoenerige pers.; soos Ndl. uit Eng. *snob*, misk. uit dial. *snob*, “skoemaker” (wat hom ’n hoër status aanmatig?); wsk. uit Eng. studt. (vgl. *gownsmen* teenoor *townsmen*).

**snoek:** versk. seevisse (*Thyrstites atun*, fam. *Gempylidae/Scombridae*, asook *Sphyraena acutipinnis* en *S. jello*, fam. *Sphyraenidae*); Ndl. *snoek*, “soort varswatervis” (*Esox lucius*, fam. *Esocidae*) — vandaar by vRieb *seesnoek* (wsk. vir visse v. fam. *Scombridae*), maar tans (veral in Natal) v. lede v. d. fam. *Sphyraenidae*, v. Scho PD 10.

**snoeker:** soort biljartspel; Eng. *snooker*, herk. onbek.

**snoekgaljoen:** viss., ook bek. as *kraaibek*, *papegaaivis*, *bastergaljoen* (*Hoplegnathus conwayi*, by Gil 230, vgl. WAT s.v. *bastergaljoen*).

**snoekvoëltjie:** voëls., vlgs. Frank TB 126 is dit Holl., maar nie in WNT nie; gegewens v. ident. ontbreek.

**snoep:** 1. ww., peusel aan lekkernye (snoepery, snoepgoed); 2. ww. en b.nw./bw., “suinig (wees) met; Ndl. *snoep* en ww. *snoepen* (sedert Kil), hou verb. m. *snappen* (dial. *snaperen/snoeperen*), “met d. mond/bek gryp na”; bet. 2. is blb. bep. Afr.

**snoer:** s.nw. en ww., string (bv. krale, visse, ens., as s.nw.); in ’n string inryg, vasbind; laat swyg; Ndl. *snoer* (Mnl. *snoer*), “band”, hou verb. m. *snaar* (v. *snaar* II), Hd. *schmur*; hierby ww. Ndl. *snoeren* (16e eeu), Afr. *snoer* in bet. “laat swyg”, reeds Mnl. in alg. bet. “inryg; vasbind”.

**snoet:** bek, mond; neus; Ndl. *snoet* (eint. dial. v. *snuit* — Kil het *snuyte*, maar nog nie *snoete* nie); oor wisg. *oe/ui* v. *smoel*; Hd. *schнауze*, Eng. *snout*, hou verb. m. Ndl. *snuiten*, “neus blaas”, Hd. *schneuzen*, Eng. *snotty*, “neusoptrekkerig, parmantig”, en Ndl./Afr. **snot** (q.v.).

**snot:** neusslijm; Ndl. *snot*, dial. Eng. *snot*, eint. “wat uit d. snoet loop” — Oeng. *snotor*, “verstandig”, blb. omdat i. d. Germ. volksgeloof snot v. d. harsings af kom.

**snotblom(metjie):** blom- en pln. (*Drosera cistiflora*, fam. *Droseraceae*), ben. blb. n.a.v. feit dat blom as insketivoor gew. klewerig/taaiërig is, v. **vlicëvangertjie**.

**snotterbel:** 1. snot wat soos 'n druppel aan d. neus hang; 2. pln. (*spp. Polygonum*, fam. *Polygonaceae*), die *r* mntl. onder invl. v. *snotterig*, *bel* word i. d. Plantk. o.a. gebr. in bet. “blom-, saad- of vrugtrossie”, ben. blb. n.a.v. klewerige/slymerige/snotterige dele v. plant; in Ndl. *snottebel* (sonder *r*) vir vrug (v. *spp. Taxus*, fam. *Taxaceae*) wat trosvormig en slymerig is.

**snotwortel:** ook bek. as *varkslaai*, pln. (*Mesembrianthemum pugioni-forme*, fam. *Aizoaceae*), ben. blb. n.a.v. slymerigheid aan stingels en wortels v. plant; nie in Ndl. bek. nie.

**snuf:** reuk; vermoede (*die — i. d. neus kry*); Ndl. *snuf/snof* (by Kil reeds *snof/snuf* by *snoffen/snuffen*), Eng. *sniff/snuff*; die ww. vorme Ndl./Afr. *snuffel(en)*, Hd. *schnüffeln*, Eng. *snivel* kan as intens. of frekw. vorme uit ouer *snuiven* afkomstig wees, almal hou verb. m. Mnl. *snūven*, Hd. *schnauben*, *schnaufen*, *schnupfen* en Afr. **snuif**.

**snuif:** Ndl. *snuif* (eers Nnl. uit *snuif-tabak*), v. verder **snuf**.

**snuit v. snoet.**

**snuiter:** 1. toestel om kerspits mee te knip; 2. jong mens; Ndl. *snuiter*, in bet. 1. soos Afr., maar bet. 2. ruimer (vgl. egter ook Ndl./Afr. *snotneus* v. pers.), v. verder **snoet** en **snot**.

**soas v. soos.**

**soba v. soeba.**

**sobo-sobo:** (dial. v.) nastergal (*Solanum nigrum*, fam. *Solanaceae*); Ngu. (*um*-)*sobosobo* naas (*um*-)*sobo*.

**sodomieter:** iemand wat sodomie pleeg; onsedelike pers.; Ndl. *sode-/sodomiet(er)*, sedert 17e eeu; ontl. aan Gr./Lat. *sodomita*, “bewoner v. Sodom” (Bybel).

**sodomsappel:** vrug- en pln. (*spp. Solanum*, fam. *Solanaceae*); vlg. WNT XIV 2465 is Ndl. *sodomsappel* slegs 'n “legendarische vrucht”, met Sodom in verb. gebring; v. ook **dortel(appel)**.

**soe:** uitr. by hitte, koue, pyn, vermoedheid; uitsluitel oor herk. moeilik (Bosh VT 251 — Gra 265–70 gee Ndl. (dial.) vorme soos *soech/soeg/soe(c)k*, Du. soos *schoch/schu*, Fr. soos *chouh/souh* en Ll. soos *schuch*); Na. het *su* en *tsū* (by hitte en koue), Hott. *t'ha* (by pyn), Boes. *tsaa* en *tse*, “koud wees”, *tsu*, “hitte voel”, Bant. *itshu/tshu/shu* (by pyn), misk. almal refleksprodukte, v. ook **soeba**.

**soeba:** — *soewa*/(by vWiel 142) *soba* —, uitr. by koue; is dit verlengv. v. *soe* (q.v.) of ss. v. *soe* en *ba* (vgl. **poega** I)?

**soebat:** smeeek, vleiend vra; via Ndl. *soebatten* uit Mal. *sobat*, “vriend” (eint. “vriendspel”); datg. is leersaam: FvW sê: “sedert begin 18e eeu”; vHaer emendeer: “reeds midden 17e eeu”; vroegste aanh. by WNT XIV 2465 is uit vRieb (1657), terwyl *gesoebath/gesoubath* en *soebatten* al in Colenb DB (1637) verskyn, vgl. Kloe HGA 282, 306–7.

**soel:** warm; donkerkleurig, blas; Ndl. *zoel* (by Kil *soel*, sedertdien ook *zwoel*), oor ontw. zw tot z vgl. *zoet, zulk, zuster*, ens., kan verb. hou m. Hd. *schwül*, “benoud, warm; soel”, en *schwelen*, “brand,” m. Eng. *sweal/swale*, eint. “warm (brand)”, dan “donker gebrand”, *swelter*, “laat sweet”, en *sultry*, “drukkend warm”, maar verb. is ook mntl. m. Ndl. *saluw* (by Kil *sahuwe*), Eng. *salow*, o.a. “donkerkleurig” — blb. verw. wat deurengeloop het; by vRieb *soel weer*, “warm weer”, v. **swoel**.

**soep** v. **sop** I.

**soesie:** gew. dim. (v. *soes*), soort koekie, poffertjie; Ndl. *soes* (vroëer ook *choes*) uit Fr. *chou* (mv. *choux*), “koolkop”; “roomkoekie” (wat soos ’n koolkop van vulsel opgeswel is).

**soe-soe** v. **sjoe-sjoe**.

**soet:** nie bitter, sout of suur nie; nie stout nie; aangenaam; welluidend; Ndl. *zoet* (Mnl. *soete*), Hd. *siiss*, Eng. *sweet*, hou verb. m. Lat. *suavis*, “sag; lieflik”, Gr. (*h*)*êdus*, Dor. (*h*)*adus*, “soet” en Skt. *svadu-*, “smaaklik”.

**soetamaling:** — *soetemaling* —, ingevoerde bloms. (beantw. aan Eng. *tuberosa* v. **skubliesroos**); vlg. vWel 338 uit Mal. *sedep/sedap*, “aangenaam”, en *malem*, “aand” (blom wat i. d. aand sy geur versprei), gegewens ontbreek i.s. bekendheid v. naam in Ind.-Ndl.; v. ook Scho PD 26 en Frank TB 134–5.

**soethoutbossie:** pln. (*Rafnia (am)plexicaulis*, fam. *Leguminosae*), ben. n.a.v. feit dat wortel soos soethout gekou word, v. Scho PD 91.

**soetjies:** — *suutjies* — , langzaam; onhoorbaar, saggies; ook Ndl. ken *zoetjes* in dié bet., met byw. -s, uit *zoet* v. **soet**; v. ook Scho TWK 14, I, p. 33, by vRieb *soetjens*, “langzaam”, oor *uu*, *ui*, *oe* v. Kloe HGA 52–4.

**soetkop** v. **skilpaddblom**.

**soetlemoen** v. **lemoen**.

**soetriet** v. **suikerriet**.

**soetskeel:** effens skeel; misk. hou *soet* hier verb. m. Mnl. *soet(el)*=*achtich*, by Kil *soetachtigh*, wat 'n geringe graad aandui by d. daaropvolgende b.n.w., dus eint. “in 'n geringe mate skeel”.

**soetveld:** veld m. soetgras (bv. *Chloris virgata* en *Panicum laevifolium*, fam. *Gramineae*) teenoor suurveld m. suurgras (bv. *Enneapogon scaber*, fam. *Gramineae*); dokg. by Lic en Spa (Scho TWK/NR 7, 2, p. 27, 29).

**soewa** v. **soeba**.

**sog:** vr. vark (teenoor ml. *beer*); Ndl. *zeug* (Mnl. *sōghe/seughe/soch*, Ndl. dial. ook *zog/sog*), Hd. *sau* (dial. *suge*), Eng. *sow*, hou verb. m. Lat. *sus*, Gr. (*h*)*us*; by vRieb (mv.) *zeugen*; v. ook Kloe HGA 74, 94–6, 99, ook kaart, asook *seidissel*, *swyn*.

**soggens:** in die oggend; Ndl. (*de*)*s*’*s* *ochtends*, soos *saans*, *smiddags*, ens.

**soheentoe** v. **soontoe**.

**soja(boontjie):** vrug- en pln. (*Dolichos soja*, *Glycine/Soya max*, fam. *Papilionaceae*); Ndl. (sedert 17e eeu) *soja*, Eng. *soy(a)*, Jap. *soy* uit *sho-yu* uit *siyau-yu*, Mal. *soi* uit Sji. *shi-yu* (*shi*, “sout=boontjie(s)”, en *yu*, “olie”, n.a.v. sous uit soja gemaak), vgl. Frank TB 133–4.

+ **soje:** gebrande houtjie deur Hott. aan die nek as afweermiddel teen towery gedra; blb. Hott. v. herk. en begin 18e eeu nog bek. (v. Nien HOTT s.v. *soje-houtjie*).

**sok** v. **sokkie**.

**sokker:** bep. vorm v. voetbalspel; Eng. *soccer/socker*, afl. m. -er uit verk. v. (*as*)*soc(iation football)*.

**sokkie:** kort kous; Ndl. *sok* (Mnl. *soc(ke)*, “soort pantoffel”), wsk. onder Hd. invl. in bet. “kous”, vroeër “lang beenbekleding”,

ong. = lers (q.v.), Hd. *socke*, Eng. *sock*, uit Lat. *soccus*, Gr. *sukχas* naas *sukχos*, "lae skoen" (bv. vir toneelspelers), mntl. v. Oosterse herk.

**soldaat:** krygsman sonder rang; Ndl. *soldaat* (by Kil *soldaet/soudaet*) uit Fr. *soldat* uit It. *soldato* (eint. verl. dw. v. ww. *soldāre*, "teen betaling (soldy) huur"), Hd. *soldat*, maar Eng. *soldier* (uit Ofr. *soldier*), al dié vorme hou verb. m. Lat. muntnaam *solidus*, wu. ook nog Ndl. *soldij*, Afr. *soldy*, "betaling", asook afl. *besoldig-*(*ing*).

**soldoos:** vrou in militêre diens; soldatesleng uit Tweede Wêreldoorlog; vlgs. sommige kontamv. uit *soldaat* en *matroos* (vgl. *Portugans*), maar vlgs. ander deur vervanging v. *daat* deur *doos* by wyse v. seksuele toespeling.

**soldy v. soldaat.**

**somaar v. sommer.**

**sombrero v. sambreel en sombrero.**

**sommer:** — *somaar* — , goedsmoeds, sonder 'n bep. rede; sonder moeite, ens.; sametr. m. verswakking v. slotvok. v. *so maar*.

**soms:** somtyds; Ndl. *soms*, met byw. -s uit *som*, kan redukv. wees v. Mnl. *somtides/somtijts* of v. *sommes* uit *sommels* uit Mnl. *sommaels* (*som* + *mael*), vgl. Eng. *sometime(s)* en *somewhile*.

**sonbesie:** bep. insek(te), word gew. by d. krieke gereken (*spp. Cicada*, fam. *Cicadidae*); ben. nie in geraadpleegde Ndl. bronne teëgekom nie, vgl. PD 3.

**sonder:** behalwe, buite, uitgenome; nie in besit van nie; Ndl. *zonder* (Mnl. *sonder*), Hd. *sonder* naas *sondern*, vgl. Eng. (*a*)*sunder*, hou verb. m. Lat. *sine*, "sonder", vgl. ook *af-*, *be-* en *uitsonder*.

**sonderbaar:** ongewoon, sonderling, vreemd; wsk. via Ndl. *zonder=baar* (by Kil *sonderbaer*) uit Hd. *sonderbar* (Mhd. *sunderbaere*, "buitengewoon"), v. ook Kem WFA 343.

**sonderling:** buitengewoon, eienaardig; Ndl. *zonderling* (Mnl. *sonderlinge* naas *sonderlinc*, albei met ww., by Kil *sonderlinck/sonderlingh*), eers later in Ndl. as s.nw., vgl. Kem WFA 427.

**songhalolo:** (dial. v.) reënwurm, soort duisendpoot (*Julus terrestris*, fam. *Julidae*); Ngu. het o.a. (*i*-)*shongololo*, (*ili*-)*shongololo*, wat blb. verb. hou m. ww. (*uku*-)*songa*, "oprol" (soos 'n wurm); v. reënwurm.

**sonkieltjie:** blom- en pln. (*Narcissus jonquilla*, fam. *Amaryllidaceae*); Eng. *jonquil* (sedert 17e eeu) uit Fr. *jonquille* of Sp. *junquillo*, dim. v. *junco* uit Lat. *juncus*, “biesie”, n.a.v. vorm v. blare.

**Sonkwa:** die ben. *Sangua/So(a)nqua/Sonqua(a)s/Soaquas/Souqua* kom herhaaldelik by vRieb en sy tydgenote voor (v. Frank TB 144, 147 en 146 No. 6) as Hott. ben. v. d. Boesmans; Na. (ekv.) *Sa-b*, (com. pl.) *Sa-n* + *-qua* uit ouer *-gu-a*, ml. mv. obj., geskrywe *-qua/-kwa/-koa*, vgl. **abiekwasgeelhout**.

**sonkwasriet:** riets., wsk. toeg. op d. biesieagtige soorte (*spp. Bobartia, Juncus* en *Scirpus*, ondersk. fam. *Iridaceae, Juncaceae* en *Cyperaceae*) ter ondersk. teenoor *vaarlan(d)sriet* (*spp. Arundo* en *spp. Phragmites*, gew. *P. communis*, fam. *Gramineae*), v. verder **Sonkwa**.

**sononder:** aand, sonsondergang, o.a. by Wik en Trig, vgl. Eng. *sun-down* (sedert 1620), so ook **sonop**, môre, sonsopgang, vgl. Eng. *sun-up* (sedert 1847), v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 27 en Kem WFA 162; dié tipe ss. onbek. in Ndl. wat alleen *zonsondergang* en *zonsopgang* ken.

**sonskynweer:** onbewolkte/nouliks bewolkte weer, etlike male by vRieb en nog in gebr., onbek. of veroud. in Ndl. wat wel *zonneschijn* ken, vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 27.

**sooi:** stuk grond wat uitgespit is; Ndl. *zode* (Mnl. *sode*, dial. *zo/so*), Hd. *sode*, Eng. *sod* — gras- en turfsooie is van oudsher vir brandstof uitgespit, dan wsk. verb. m. *sooi* in **sooibrand**; by vRieb *zoden/so(o)den* as mv.

**sooibrand:** oprisping v. maagsuur, (vroeeër bek. as) *opwerkens* (Meurant); in hierdie bet. en blb. as ss. nog net in SNdl. bek. (by Kil *so(o)de/soye*), hou verb. m. Ndl. *zieden*, “kook” (by Kil *sieden*), Hd. *sieden*, “kook”, en *sud*, “kooksel”, Eng. *seethe*, “kook”, herk. hoërop onseker, v. verder **sooi**.

**soontoe:** — *soheentoe* — , “daarheen”; sametr. v. *so* + *heen* + *toe*, v. Kloe HGA 212.

**soos:** — *soas* — , “ewenas, op dieselfde wyse as”; sametr. v. *so* + *as* (ouer *als*, v. as III en IV), ook in bet. “toe; sodra”, o.a. by vRieb en Wik (Scho TWK/NR 7, 2, p. 27), vgl. ook Kloe HGA 307.

**sop I:** — (deftig) *soep* — , vloeibare voedsel; Ndl. *soep* uit Fr. *soupe*, wu. Eng. *soup* en Hd. *suppe*) naas *sop* (Mnl. en by Kil *sop/soppe*, Eng. *sop*, “geweekte brood”), wsk. v. Germ. herk. en verb. m. Ndl. *zuipen*, Afr. *suip*, Eng. *sip*, v. ook **sopie**.

sop II v. sap.

**sopie:** drankie (veral v. st. drank); Ndl. (ook gew. dim.) *zoopje*, by vRieb *soopie*, hou verb. m. *so(e)p* en *suip*.

**sôre:** ww. en s.nw. mv., — (dial. gekleurde uitspr. v.) *sorge* —, “kommer; toesig; bewaak, toesig hou”; Ndl. ondersk. *zorg* (Mnl. *sorghe*) en *zorgen* (Mnl. *sorghen*), Hd. *sorge* en *sorgen*, Eng. *sorrow*, herk. hoërop onseker.

**so Katie:** vleisstukkies in kerrie en asyn ingelê, aan stokkies ingeryg en gebraai; wsk. via Ind.-Ndl. *sateh* uit Mal.-Jav. *satai/sateh/sesateh*, misk. uit Tam. *satai*, “vleis”, mntl. d. Mal. koks in gebr. gebring (dTo P 57–8; vWel 338; Bosh VT 367).

+ **sosys:** wors; Ndl. (sedert 17e eeu) *saucijs* uit Fr. *saucisse* uit Lat. *salsicia*, “iets met sout berei”, soos Eng. *sausage* verb. m. Lat. *sal*, Gr. (*h*)*als*, “sout”; v. ook **sult I**, **sout I**.

**sot:** s.nw. en b.nw., dwaas, gek; Ndl. *zot* (Mnl. *sot*), soos Eng. *sot* uit Fr. *sot*, “dwaas, gek”, herk. onbek.

**sou I:** impf. v. *sal*, hou verb. m. Ndl. *zullen*, Hd. *sollen*, Eng. *shall*.

**sou II:** tentoonstelling; Eng. *show*, vroeër dial., tans aan verdwyn, v. ook **skou I**.

**souerig:** bangerig, bedees, beskeie; bet. laat dink aan verb. m. *sku* (Ndl. *schuw*, by vRieb o.a. *schouw*) en Eng. *shy*, maar verb. onwsk. vanweë fonet. besware.

**sout I:** s.nw., bep. skeik. verbg.; Ndl. *zout* (Mnl. *sout*), Hd. *salz*, Eng. *salt*, hou verb. m. Lat. *sal*, Gr. (*h*)*als*, “sout”.

**sout II:** ww., veral as verl. dw. in bet. “immuun teen/nie-vatbaar vir 'n siekte” (meer bep. v. diere gesê); blb. nie in dié toep. in Ndl. bek. nie en mntl. in S.A. ontst., ook in S.A. Eng. *salted* aldus gebr. (v. Scho TWK 14, 4, p. 193) en aan Afr. ontl.

**soutbos v. vaalbrak, kanna III.**

**soutvaatjie v. dirkdirk(ie).**

**spaander I:** s.nw., afgesnyde/afgesplitste stukkie hout; Ndl. *spaander*, nuwe ekv. uit ou mv. v. *spaan* (Mnl. *spaen/spane*, mv. *spane/spaenre/spaendere*, vgl. Afr. ekv. *hoender*), Hd. *spahn*, Eng. *spoon*, hou wsk. verb. m. Gr. *sphên*, “wig”.

**spaander II:** ww., weghardloop (gew. in verbg.: *laat* — ); misk. uit Ndl. *spankeren*, “weghardloop” (v. lit. by Boek ZV 969–70 en

vgl. Eng. dial. *spank*, “vinnig beweeg”) m. byg. aan **spaander** I, vgl. *laat spaander*; *die spaanders laat spat/waai*; *die rieme neersit* — (*laat*) *spaander* word d. nie-blankes gew. as *sabander/sabanner* uitgespr., en in hierdie vorm is dit wsk. deur blankes terugontln. in vorm en bet. v. **sabander** II (q.v.), nie volkset. nie, want toe was **sabander** I seker nie meer ’n bek., lewendige wd. nie.

**spaansriet**: pln. (*Arundo donax*, fam. *Gramineae*), oor onverboë eerste lid in dgl. ss. vgl. o.a. *turksvy(g)*, ben. is egter geen bewys dat plant uit Spanje herkomstig is nie (vlgs. Mar 161 is *Spanish reed* = *Italian reed*), in Ndl. *Spaans riet*.

**spaansvlieg**: inseks. (*spp. Cantharis*, fam. *Cantharidae*), in Ndl. *Spaanse vlieg*, vgl. onverboë eerste lid by *spaansriet*.

+ **spaa**: grap; Hd. *spass*, “grap, pret, skerts” (wu. Ndl. *spats*, “drukte, grillige handeling, ophef”, bv. in verbg.: *spats hebben/maken*), soos Eng. *space*, Fr. *espace*, uit It. *spasso/spazio*, “tyd=verdryf”, hou verb. m. Lat. *spacium/spatium* in bet. “vry tyd”, verder m. Ndl. *spatie* en *spatiëren*, Afr. *spasie* en *spasieer*, “ruimte; ruimte laat”; m. Hd. *spazieren*, “wandel”, en Ll. *spatiari*, met epent. n Ndl. *spanse(e)ren*, “wandel”, by Scho TWK 14, 1, p. 33 met vb. v. *spatsies* uit 1862 in S.A.

**spaghetti**: soort fyn meeldraadvoedsel tussen macaroni en vermicelli; Ndl. *spag(h)etti*, Eng. *spaghetti*, uit It. mv. v. dim. v. *spago*, “draad, koord, string”.

**spaider**: perdevoertuig (vierwieler) wat in onbruik raak; Eng. *spider* (vlgs. NED in 1879 in S.A. ontst., wsk. n.a.v. vorm).

**spanjool**: veneriese siekte; Ndl. *spanjool* (uit Sp. *español*), “Span=jaard; sifilis, Spaanse pokkies”.

**spanspek**: meloens. (*Cucumis melo*, *C. m. reticulatus*, *C. m. cantalupensis*, fam. *Cucurbitaceae*); afl. uit Fr. *pastèque*, “wartlemoen” (uit Arab. (*al*)-*battikh/-bittekh/-baticha*) bevredig nie (v. Frank TE 32–3), eerder uit (vroeg 17e-eeuse) Ndl. *Spaenspek/Spaenschspek* naas *spekmeloen* (Bosh VT 195); by vRieb gew. *Spaens(ch)*, maar o.a. ook *Spanse wijn*, vgl. **spaansriet**.

**spantou**: riem of tou om agterbene v. ’n melkkoei vas te maak; ss. wel in Ndl., maar blb. nie in dié toep. nie.

**spat**: veral in verbg.: *die spat neem* en *laat spat*, “vlug, weghard=loop”; Ndl. en dial. *de spat zetten/opnemen* (Scho TWK 14, 1, p. 33 en NR 7, 2, p. 27 met verwysing na gebr. by Trig en Meurant).

**spatsie** v. **spaa**.

**speaker:** voorsitter v. d. Volksraad; Eng. *speaker*, na die vb. v. d. Eng. parlementêre gebr. (*Speaker of the House of Commons*).

**speek:** verbindingstuk tussen naaf en velling; Ndl. *spaaak* (Mnl. *spake*), “spaander” (vgl. Eng. *spoke*), het saamgeval m. dial. Ndl. *speek* (Mnl. *speec/speke*), Hd. *speiche*, verb. m. *spyker* in alg. bet. “iets wat aaneenheg”.

**speeklos:** met d. speke nie stewig vas nie; so bv. by Trig, 'n tipe van ss. wat in Afr. enigszins ongew. is (Scho TWK/NR 7, 2, p. 27).

**speel v. speul.**

**speen:** s.nw. en ww. (met priv. funk., vgl. Kem WFA 59); Ndl. *speen* (Mnl. *spēne*, by Kil *speene/speyne*, “tepel”), dial. Eng. *spean* (as s.nw. en ww.), hierby Ndl. ww. *spenen* (Mnl. *spēnen*), hou misk. verb. m. Gr. *stēthos*, “moederbors” (v. ook dVri J NEW s.v. *speen*).

**spek:** onderhuidse vetlaag by sommige diere (veral varke); Ndl. *spek* (Mnl. *spec*), Hd. *speck*, Eng. *speck* (sedert 1633, nou veral Am.-Eng.), herk. hoërop onseker.

**spekboom:** pln. (*Portulacaria afra*, fam. *Portulacaceae*), ook bek. as *olifantskos*, ben. *spekboom* n.a.v. vetterige lower, wat tegelyk lig werp op ben. *olifantskos*, v. ook Scho PD 32, 72.

**spekbossie:** pln. (*Zygophyllum flexuosum*, fam. *Zygophyllaceae*), deur Thun e.a. vroeër op plante toeg. wat nou ander name dra (Scho PD 72), v. ook *spekboom*.

**spekhout:** pln. (*Kiggelaria africana*, fam. *Flacourtiaceae*), vgl. Scho PD 32 en v. ook *spekboom*.

**spektakel v. spieël.**

**spekulaas:** soort gebak; Ndl. *speculaas/spekulaas*, omstrede herk. (v. dVri J NEW), indien verb. m. *speculatie/spekulatie* (Fr. *spéculation*, Lat. *speculatio*), dan -aas soos in *relaas*, *spesmaas*, indien verb. m. *spek* + *klaas*, dan mntl. aansl. by *Sinterklaasgebak*.

**spekvretertjie:** (dial. ook bek. as) *vetvretertjie*, voëln. (*Cercomela familiaris* v. d. geslag *Saxicola*), ben. wsk. n.a.v. feit dat hy sy nes uit plantedons maak (Scho PD 62).

**spens:** — (verouderende) *dispens* — , provisiekamer; Ndl. (sedert 1644–5) *dispens*, wsk. d. seemt. ingevoer en dan misk. uit Port. *dispensa*, maar weens vroeë gebr. (by Coornhert) misk. soos ver-oud. Eng. *spence* uit Ofr. *despense* (Bosm AMP 55–6; Bosh VT

- 158; Scho TWK/NR 7, 2, p. 28); hou verb. m. Ndl. *spende/spinde*, “spyskas; provisiekamer”, It. *dispenda*, Eng. *dispensary*, “plek waar medisyne uitgegee word”, Ll. *spenda*, Lat. ww. *dispendere*, “uitdeel, uitweeg”, naas Ll. *spensa*, Lat. *expensa*, “uitgegee”, ten slotte ook m. *spys(e)* en *spysig*, “voedsel; voedsel gee”.
- spermaceti**: vetstof uit d. kop v. potvisse; Ndl. *spermaceet/spermaceti*, Eng. *spermaceti*, hou verb. m. Ll. *sperma*, “ml. saad”, *ceti*, gen. ekv. v. *cetus*, Gr. *kêtos*, “walvis” (veral verkry uit d. spermacetiwalvis — *Physeter macrocephalus*, fam. *Physeteridae*).
- spesmaas**: vermoede; uit *presumasie* (vgl. ook *presumpsie*, Ndl. *presum(p)tie*, sedert 16e eeu) naas ww. *spesmeer*, “vermoed” (vgl. *presumeer*, Ndl. *presume(e)ren*, sedert 15e eeu), met *-aas* uit *-asie* (Ndl. alleen *-tie*, maar vroeër vermoedelik ook *-atie*), vgl. *relaas* en *spekulaas*, anl. *s-* mntl. onder invl. v. 2e en 3e *s*, d.w.s. *spesmaas* uit *presmaas* uit *presemaas* uit *presumaas* uit *presumasie* uit *presumatie*.
- speul**: — *speel* — , jouself vermaak; Ndl. *spelen* (Mnl. *spelen/spuelen/spoelen*), Hd. *spielen*, naas s.nw. *spul* (q.v.) wat ook dial. in Ndl. naas *spel* voorkom, v. ook **speuls**.
- speuls**: — (minder gew. i. hierdie bet.) *speels* — , “geil, hittig, togtig”; Ndl. *speels(ch)*, d.w.s. “geneig tot minnespel”; by vRieb *speuls* (van konyne gesê), vgl. Kloe HGA 307.
- spie**: — *spy* — , pen, wig; ondersk. ongedift. en gedift. vorme v. Ndl. *spie*, dial. *spij* (by Kil *spie/spije*), hou mntl. verb. m. Lat. *spica*, “graanaar”, m. **speek** (q.v.) en *spyker*.
- spieël**: s.nw. en ww., glas- of metaalweerkaatser; in ’n spieël kyk of daardeur laat weerkaats; Ndl. s.nw. *spiegel* (Mnl. *spieghel*) en ww. *spiegelen* (Mnl. *spieghelen*), Hd. *spiegel*, It. *spieglio/specchio*, via Ll. *spēghum* uit Lat. *speculum*, “spieël” (uit *specere*, “kyk”), hou verb. m. *spektakel* (vgl. Lat. *specio*, Gr. *skeptomai*, albei m. bet. “kyk”).
- spierinkie**: viss. (*Atherina breviceps*, fam. *Atherinidae*) vgl. Scho PD 10; Ndl. *spiering* (*spp.* *Osmerus*, fam. *Osmeridae*); v. ook **assoois**.
- spiets**: toespraak; grappige voorval; Eng. *speech*, hou verb. m. *spraak* en *spreek*.
- spinasie**: pln. (*Spinacia oleracea*, fam. *Chenopodiaceae*); Ndl. *spinazie* (Mnl. *spinage/spinagie/spinaetse*, by vRieb *spenagie/spinnagie*), Eng. *spinage*, uit Ofr. *espinache* (vgl. Sp. *espinaca*, It. *spinace*) uit Arab. *isfānāh* uit Pers. *ispanā(n)g*.

**spinnekop:** inseks. (*spp. Arachnida*, fam. *Arachneidae*); Ndl. *spin/spinnekop* (lg. 'n tout. ss. uit *spin*, "spinnekop", en *kop* uit *kobbe*, "spinnekop", vgl. Eng. *cob* en *cobweb*) — Ndl. *spin* (Mnl. *spinne*), Hd. *spinne* hou verb. m. Ndl./Afr. ww. *spin(nen)*, terwyl Ndl. *kop/kobbe* (Mnl. *coppe*, "spinnekop"), Eng. *cob* mntl. verb. hou m. *kop*, "hoof", in alg. ouer bet. v. "ronde voorwerp".

**spinnerak:** gespinde net/web v. spinnekop; Ndl. *spinrag*, ss. v. *spin* (v. **spinnekop**) en *rag*, "web, weefsel", wat verb. hou m. Gr. (*araxnē*, "web", waaraan d. **spinnekop** (q.v.) se wetensk. naam (*Arachnida*) ontl. is en wat volkset. tot *rak* gewysig is.

**spioen:** s.nw. en ww., verken(ner), waarneem, waarnemer; iemand wat inligting inwin; Ndl. (17e eeu) *spion* (SNdl. *spioen*), Hd. *spion*, uit Fr. *espion* of It. *spione*, hierby ook Afr. ww. *spioeneer*, Ndl. *spionne(e)ren/spione(e)ren* (v. ook Scho TWK/NR 7, 2, p. 28) naas Ndl. ww. (s.nw.) *spie* (Mnl. *spie/spiede*) waaraan Eng. *spy* beantw., verder verb. m. *bespied*, *verspieder*, asook m. Lat. *specio* en Gr. *skeptomai*, "kyk", v. **spieël**.

**spit:** s.nw. en ww., braaivurk; rugpyn; steek met graaf; diepte van steek (bv. *onderspit*); Ndl. *spit* (Mnl. *spit/spet*, Hd. *spiess*, Eng. *spit*, hierby Ndl. ww. *spitten* (Mnl. *spitten*), Eng. *spit*, gemene bet. ong. "met 'n skerp voorwerp steek" (wat bet. "rugpyn" betref, n.a.v. volksgeloof).

**spits:** s.nw. en b.nw., skerp punt/toring; puntig; Ndl. *spits*, b.nw. in 16e eeu en s.nw. in 17e eeu ontl. aan Hd. *spitz*, "punt; puntig", hou verb. m. **spit** (q.v.) in bet. "skerp voorwerp"; uitdr.: *iets spits kry*, "iets verstaan", ook Hd. *etwas spitz kriegen* (Scho TWK 14, 1, p. 33).

**spleinakend:** by vWiel 164 in bet. "poedelnakend"; is dit misk. 'n dial. ww. v. *splinternakend*?

**splinternakend:** heeltemal kaal, naak/nakend; Ned. *splinternakes*, Hd. *splinternackt*, na d. vb. v. *splinternuut*, Ndl. *splinternieuw*, "so nuut soos 'n pas afgebreekte splinter" — in dgl. verbg. het *splinter* bloot 'n verst. funk.; v. ook **poedelnakend**, **spleinakend**.

**spoeg:** s.nw. en ww., — *spoe/spu/spuug* naas s.nw. *spuwing* — , speeksel; speeksel uit mond stoot; Ndl. *spuwen* (Mnl. *spuwen/spouwen/spien/spijen/spugen* naas s.nw. (o.a. dial.) *spuug/spoeg/spog*, vorme met *g* uit impf., bv. *speech/spooch*, v. dVri J NEW s.v. *spog* en *spuwen*), Hd. *speien*, Eng. *spew* en *spit*, hou verb. m. Ndl. *spuien*, *spuiten* en *speeksel*, m. Lat. *spuere*, Gr. *ptuein* en *psuttein*; oor *uu*, *ui* en *oe* v. **soetjies**.

**spoetnik:** satelliet, neol. uit jongste tyd; Eng. *sputnik*, uit Rus. *s(o)*, "met", *put*, "pad", *-nik*, agterv. v. nom. ag. (= Ndl./Afr. *-er*), eint. "medereisiger, satelliet".

**spog:** grootpraat, grootdoenerig wees; Ndl. *pochen/spochten*, wsk. uit Hd. *pochen*, oor vorm in Ndl. onsekerheid (v. WNT XIV s.v. *spochten* en dVri J NEW s.v. *pochen*).

**spons:** s.nw. en ww., poreuse dierlike seegewas; met iets (bv. 'n spons) afspoel, afwas, benat; Ndl. *spons* (Mnl. *sponge/spongie*, wsk. ontnl. aan Ofr. *esponge* (Fr. *éponge*)), Eng. *sponge*, hou verb. m. Lat. *spongea/spongia*, Gr. *spoggia*, afl. v. *spoggos*, "spons", hierby Ndl. ww. *sponsen/sponzen*, Afr. *spons*.

**sponssiekte:** veesiekte wat deur 'n sponsagtige ontsteking gekenmerk word, gedok. by Thun en IVa (Scho TWK/NR 7, 2, p. 28).

**sporrie v. spurrie.**

**sprrie:** s.nw. en ww., drink(ery); Eng. *spree* (sedert 19e eeu), herk. onbek.

**springbok:** antiloops. (*Antidorcas marsupialis (euchore)*, fam. *Bovidae*), vroeër ook bek. as *pronkbok* en *trekbok* (Scho PD 50), ben. *springbok* n.a.v. sy springgewoonte.

**sprinkaan:** voetganger- en vlieënde insek (*spp. Acrida*, fam. *Acrididae*); Ndl. *sprinkhaan* (Mnl. *sprinchaen/-hane*, by vRieb *sprinck=hanen*), uit *spring* en *haan* (wat in ss. ook op insekte, seediere en visse toeg. word).

**sprinkaanvoël:** voëls. (*Ciconia ciconia*, fam. *Ciconiidae*), dit is die groot soort, daar is ook 'n klein soort, ben. n.a.v. feit dat hy sprinkane vang; d. klein soort is blb. *Glareola nordmanni (melanoptera)*.

**sproei I:** ww., begiet, natmaak; Ndl. *sproeien* (na Kil), Hd. *sprühen*, "spat, vonke skiet", hou wsk. verb. m. Mnl. *spraeyen*, "sproei, strooi, versprei", mntl. ook m. Gr. *speirein*, "saai".

**sproei II:** — *spru* —, mondsiekte; Ndl. *spruw* (Mnl. *sprūwe*), dial. Ndl. *sproe/sprou(w)/spreu(w)*, Eng. *sprue*, hou mntl. verb. m. **sproei I**, ben. dan n.a.v. feit dat spikkels hulle in die slymvleis v. d. mondholte versprei.

**sproet:** velvlekkie deur sonlig veroorsaak; Ndl. *sproet* (Mnl. *sproete*), Hd. *sprosse* (naas Lmnl. en by Kil *sprot*), hou verb. m. **spruit**.

**spru v. sproei II.**

**spruit:** plantloot; sytak v. rivier; nakomeling; Ndl. *spruit* (Mnl. *sprūte*), Hd. *spross*, Eng. *sprout* (dial. *sprit*), hierby Ndl. ww. *spruiten* (Mnl. *sprūten*), Hd. *spruessen* naas *spritzen*, "spuit", Afr. *spruit*; by vRieb (s.nw.) *spruyt*, *spruiten* (mv.), *spruitjens* (dim.); v. ook **sproet**.

**spu v. spoeg.**

**spul:** doeb. v. *spel* (v. **speul**), gebeurtenis (ongunstig); rommel; versameling (diere, dinge, ens.); klomp mense (ongunstig); so ged. ook Ndl. *spul* — *spel* (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 28 met vb. uit Trig).

**spurrie:** — *sporrie* — , pln. (*Spergula arvensis*, fam. *Caryophyllaceae*); Ndl. *spurrie* (Mnl. *sporie*, by vRieb *sparry* en *sporrysaet*, v. Kloe HGA 116, Noot 171 en 307), Eng. *spurr(e)y*, uit Fr. *spergule* uit Lat. *spergula*, nie te verwar nie m. Ndl. *spurg(i)e*, Eng. *spurge* (spp. *Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*) uit Ofr. *espurge* (Fr. *épurge*), v. ook Scho PD 40.

**spuug v. spoeg.**

**spuugslang:** slangs. (vlgs. ouer Web *Sepedon haemachates*, 'n ben. blb. in onbruik, maar vroeër toeg. op lede v. d. fam. *Viperidae*, vgl. ook Scho PD 52), ben. n.a.v. dié slangs. se gewoonte om gif te spuug.

**spy v. spie.**

**spyker v. speak en spie.**

**spykerbalsem:** soort salf; Ndl. *spijkerbalsem*, genoem na Jan Spijker, 18e-eeuse Amsterdamse apteker.

**spys:** — *spyse* — , eetgoed, voedsel; Ndl. *spijs* (Mnl. *spīse*), Hd. *speise*, uit Ll. *spēsa* uit *spensa* uit Lat. *expensa*, verl. dw. v. *expendere*, “bestee, uitgee, uitweeg” (bv. daaglikse rantsoen); vgl. *spens*.

**spysenier:** voorsiener v. verversings by onthale: neol. afl. met (-en)ier v. *spys(e)* in Afr. ter vert. v. Eng. *caterer*.

**st v. sjt/sjuut.**

**stad:** mv. *stede*, doeb. v. **stat** (q.v.) en v. *stede/stee* (*in — van*); Ndl. *stad* (Mnl. *stat*), Hd. *stadt* (vgl. ook *statt*, *stätt*), Eng. *stead*, ouer bet. “staanplek”, dan “woonplek”, en reeds i. d. Middeleeue in bet. “stad”, hou verb. m. *stade*, “plek” (bv. *te — kom*) en m. Lat. *statim*, “dadelik”, d.w.s. “op die plek”, *statio*, “standplaas”, en m. Gr. *stasis*, “plek, posisie; staanhouding; opstand” — sem. ontw. ong.: “staan . . . staanplek . . . stad.”

**staketsel:** paalwerk, palissade; Ndl. *staketsel* (Mnl. *staketsel/stakijtse/stakitse*), uit Ofr. *estakette*, op sy beurt uit Germ. wd. *staca*, Ndl. *staak*, Eng. *stake*, “paal”; by vRieb “staketsel offtte slagboom”.

**stalagmiet:** staande druipsteenkeël in grot; Ndl. (sedert mid. 17e eeu) *stalagmiet*, Eng. (1681) *stalagmite*, Hd. *stalagmit*, Fr. *stalagmite*, uit Lat. *stalagmites*, Gr. *stalagma*, “druppel”, *stalagmos*, “druipwerking”, ww. *stalassein*, “laat drup”.

